

DIE DORPE EN DISTRIKTE WORCESTER
ROBERTSON, SWELLENDAM, RIVERSDALE EN CERES.



'N VERHANDELING, INGEHANDIG TER
VERKRYGING VAN DIE M.A. - GRAAD IN
AARDRYKSKUNDE.

Junie 1944.

L. P. NAUDÉ.

INHOUDSOPGAWE.

Bladsy.

Metode by die maak van die Kaarte	1
Die dorp Worcester	3
Die dorp Robertson	23
Die distrikte Worcester en Robertson	38
Die dorp Swellendam	55 ⁶⁰
Die dorp Riversdale	66
Die distrikte Riversdale en Swellendam	76 -
Die dorp en distrik Ceres	93

METODE BY DIE MAAK VAN DIE KAART:

DIE PLANNE VAN DIE KAARTE:

Die kaart van Ceres is vergroot met die pantograaf van 'n plan verkry van die Ceres Munisipaliteit. Dit is vergroot van die skaal 1 duim = 800 voet tot die skaal 1 duim = 400 voet. Die planne van Worcester, Robertson, Swellendam en Riversdale is verkry van die kantoor van die Landmeter Generaal in Kaapstad. In Kaapstad is die planne fotografies verklein na die skaal 1 duim = 400 voet. Met gebruik van die ligtafel het ek 'n paar kopië van elke kaart gemaak. Op hierdie skaal het ek die gegewens ingevul terwyl ek die dorpe besoek het. Omdat ek meen dat 'n kleiner kaart 'n beter beeld van die hele dorp gee, het ek die planne van Worcester, Robertson, Swellendam en Riversdale met die pantograaf verklein na die skaal 1 duim = 800 voet. Op hierdie skaal is die finale kaarte in inks gedoen. Omdat Ceres soveel kleiner is as die ander dorpe, het ek die finale kaart van Ceres gedoen op die skaal 1 duim = 400 voet.

Die funksionele Kaarte :

Die index op elke funksionele kaart verklaar die kleurskema op die kaart gebruik.

Onder bebouing, blank en gekleur, onderskei ons drie tipes :

Geglote bebouing: Waar die woonhuise so dig opmekaar

gebou is, dat daar nie oop ruimte tussen die woonhuise is vir geboue van dieselfde grootte nie.

Digte bebouing: Waar daar net genoeg oop ruimte tussen die woonhuise is, vir geboue van dieselfde grootte.

Ope bebouing: Waar die woonhuise so uitmekaar gebou is, dat daar tussen die woonhuise nog oop ruimte is vir geboue van dieselfde grootte. Daar is groter oop ruimte tussen die huise as in die geval van digte bebouing.

Die bevolkingskaart:

Elke kol op die bevolkings kaart stel vyf persone voor.
- die groot kolle stel voor blanke losiesinrigtings.

Die 1941 sensusopname het net betrekking gehad op blankes. Ek kon geen presiese syfers kry wat die kleurlingbevolkings vir 1941 aandui nie. Om nie 'n verkeerde beeld van die proporsionele samestelling van die bevolkings te gee nie, het ek net die 1936 syfers gebruik vir blankes en nie-blankes.

By die maak van die bevolkingskaart het ek ook nagegaan waar die inwoners presies woon op die dorpsgrond. Derhalwe is daar geen kolle in onbewoonde dele of op besigheidstereine nie. Om die posisies van die kolle beter te bepaal, het ek op die eerste kaart van Swellendam, Robertson en Worcester elke blanke woonhuis met 'n kol aangedui. Dit het geblyk dat hierdie aantal kolle byna ooreenkom met die aantal op die skaal 1 Kol vir 5 persone. Die gemiddelde aantal blankepersone in

1 huis is dus byna vyf. Die kaarte met die posisies van die woonhuise was dus van groot nut by die maak van die bevolkingskaarte. In die geval van Worcester met sy digte bevolking het ek verder gebruik gemaak van 'n lugfoto waarop elke gebou in die dorp duidelik te sien is.

DIE DORP WORCESTER.

WORCESTER.DIE LIGGING VAN WORCESTER.

X
Worcester is geleë 83 myl van Kaapstad. Omdat Worcester so sentraal geleë was vir die nuwe streke van uitbreiding is die Drosdy in die twintiger jare van die vorige een hierheen verplaas. Voor die aanleg van die spoorweë was Worcester die afspringplek van die tallose Ossewa-reise na die binneland. Met die aanlê van die spoorweg het hierdie sentrale ligging weer baie belangrik geword. Die spoorweg van Mosselbaai sluit hier aan by die spoorweg van die noorde. Jaarliks word op die Worcesterstasie goedere ter waarde van meer as £100,000 gehanteer.

Worcester is so uitgelê dat sy strate almal presies noord of Suid loop. Die rigting is egter magnetiese noord en nie na die ware noorde nie. Na die noorde, noord-weste en noord-ooste van die dorp troon die hoë Hexrivierberge. Uitbreiding in hierdie rigtings is egter nog moontlik. Na die ooste strek 'n groot gelyk vlakte. In hierdie rigting sal die dorp ook uitbrei. Na die suide is die grond baie nat a.g.v. die spruite na die Breërivier aan die Suid-weste kant van die dorp.

Die dorp is geleë op 'n gelyk oppervlakte wat die uitlê van die dorp volgens 'n bepaalde plan vergemaklik het. Daar is 'n geleidelike daling in die oppervlakte van die grond na die kant van die kleurlingwyk. Aangesien die dorpswater van die

stasiekant van die dorp kom, is hierdie ligging gunstig vir watertoevoer en vir die rioelstelsel.

Die stigting van Worcester.

Na die inname van die Kaap deur die Engelse in 1806 het die land baie vinnig ontwikkel en in 1818 stuur die goewerneur Lord Charles Somerset vir Fischer om 'n terrein te soek vir die uitlê van 'n nuwe dorp. Die ligging van die twee plase Longery en Roodedraai van die broers du Toit is goedgekeur en kort daarna is Worcester aangelê. Die goewerneur het die nuwe dorp die naam gegee van sy broer die Markies van Worcester. Worcester se gunstige ligging het die goewerneur laat besluit om die Drosdy van Tulbagh daarheen te verplaas. Kaptein Trappes, die eerste Landdros, was verantwoordelik vir die administrasie en uitlê van die dorp. Hy het homself baie goed van sy taak gekwyt.

Die groei en ontwikkeling van die dorp.

Alhoewel Worcester op die platteland altyd 'n leidende posisie ingeneem het wat betref sy industriële ontwikkeling, was sy industriële gedurende die 19e eeu nie van so'n omvang dat dit enige merkwaardige groei en ontwikkeling van die dorp as gevolg gehad het nie.

Die groei en ontwikkeling van 'n dorp hang ten nouste saam met die ontwikkeling van die distrik. Dit veral vir 'n distrik soos die Worcester distrik. Die hoofprodukte n.l. vrugte en druiwe is bederfbaar en dus moet daar op die dorp

fabrieke wees wat hierdie produkte kan verwerk. In die verhandeling oor die Worcester distrik is aangetoon dat die wingerd - en vrugtebedrywe in die 19^e eeu moeilike tye moes deurmaak. In die loop van die 20^e eeu maak hierdie bedrywe egter vinnige vooruitgang. Op die dorp word in hierdie tyd steeds weer fabrieke opgerig om hierdie produkte te verwerk. Die nuwe nywerhede het meer en meer arbeiders na die dorp getrek. Die bevolking het vinnig gegroei en gepaard met die groei van die bevolking is daar 'n groot ontwikkeling en uitbreiding in die residensiële areas sowel as in die besighede en besigheidareas. Om in al die behoeftes van die bevolking te voorsien moes die munisipaliteit nuwe waterskemas, ligskemas en ander publieke werke onderneem. Ek bespreek nou hierdie snelle ontwikkeling van die dorp gedurende die laaste kwart eeu.

Die waarde van bouplanne wat jaarliks deur die stadsraad goedgekeur word, is 'n goeie weergawe van die groei van die dorp.

In 1935	is	bouplanne	ter	waarde	van	£51,644	goedgekeur,
" 1936	"	"	"	"	"	£78,590	"
" 1937	"	"	"	"	"	£70,000	"
" 1938	"	"	"	"	"	£60,000	"
" 1939	"	"	"	"	"	£63,000	"

Hierdie syfers is baie hoog veral as ons hulle vergelyk met syfers van vroeër jare. In 1929 byvoorbeeld was die waarde van bouplanne £27,000. In 1939 is £43,000 van die £63,000 bestee aan die bou van woonhuise. Die hele „nuwe dorp" is aangê sedert 1925. Die „ou dorp" bestaan uit die 32

groot vierkantige blokke en die „ nuwe " dorp is die deel bestaande uit die langwerpige vierkantige blokke, geleë ten ooste van die „ ou dorp".

Die vinnige ontwikkeling van die dorp sien ons ook in die groei van die elektrisiteitsdepartement. In 1916 is die elektriese sentrale begin met twee 40 k.w. dinamos, gedryf deur twee vliegwiele onder druk van die hoofgeleiding van die drinkwater. Die ingénieur het gemeen dat dit in Worcester se behoefte vir die volgende 20 jaar sal voorsien. Ses jaar later word egter 'n stoommasjien van 100 k.w. sterkte opgerig, 5 jaar later een van 200 k.w. en nog 5 jaar later een van 400 k.w. In 1935 is 'n 1000 k.w. turbine dinomo opgerig wat die kapitaaluitgawe van die elektrisiteits-onderneming op £68,730 stel. In die twee jaar van 1934 -'36 groei die aantal kragenhede verskaf van 2,388,824 tot 2,650,220, 'n waardevermeerdering van £1,131,674 tot £1,203,410. In 1937 is 5000 eenhede aan boere in die distrik verskaf.

In die loop van die twintigste eeu moes die watervoor-sieningskemas ook telkens vergroot en verbeter word. Sy ligging aan die voet van die Hexrivierberge gee aan die dorp 'n onbeperkte hoeveelheid water. Die drinkwater kom hoofsaaklik uit 'n kloof, genoem Fonteintjiesberg, in die Brandwagberge. In 1910-12 is 'n skema voltooi ten £32,000 waardeur drinkwater met 'n 10" pyp oor die 6 myl na die dorp aangevoer is. Hierdie

skema lewer die minimum van 320,000 gelling per dag in die Somer, die droë Seisoen. Die leiwatervan die dorp kom uit die Hexrivier. Die kanaal lewer op sy minste 2,500,000 gelling per dag, dit kan ook 15,000,000 gelling per dag bevat. Die meeste inwoners kry die leiwatervan gratis alhoewel dié van die nuwe dorp £1. belasting per jaar daarvoor betaal. Die drinkwater word gedurende 2 - 3 maande van die jaar aangevul deur 'n watersuiweringskema in die leiwatervan kanaal; die skema kan 312,000 gelling per dag lewer en is in Januarie 1936 voltooi. Daar is nog klagtes dat die druk van die water te swak is waardeur die water nie die boonste verdiepings van geboue bereik in die droë seisoen nie.

Die volgende stap was die invoer van 'n rioelskema wat in Oktober 1934 voltooi is teen 'n koste van £30,000. Elke huis in die dorp, ook in die lokasies, word deur die skema bedien.

Hierna is begin met die teer van die dorp se strate. 'n Lening van £57,100 is in 1936 deur die belastingbetalers goedgekeur vir die teer van 12½ strate, 24 myl sy-paaitjies en die bou van 24 myl sementslote.

In 1939 is die nuwe natuurlike lokasie ten suide van die ander lokasies voltooi, teen 'n koste van £43,605. Daarop is dus deur die Worcester staderraad in die ses jaar voor die uitbreek van die oorlog omtrent £220,000 bestee aan publieke werke. Die oorlog het grootskaalse boubedrywighede stop gesit.

In die afgelope drie jaar is daar byna geen nuwe geboue oëgerig nie. In 1939 is £22,000 geskenk vir die bou van 'n nuwe stadsaal, maar met die uitbreek van die oorlog moes die geld vir sake van dringender aard gebruik word.

As ons die inkomste en uitgawes van die munisipaliteit vir die jare 1928 en 1938 vergelyk, sien ons weer die verbasende groei wat die dorp deurgemaak het:-

ALGEMENE KAS:

	<u>1928</u>	<u>1938</u>
Inkomste :	£14,125	£20,830
Uitgawe :	£14,312	£22,414

ELEKTRIESE DEPARTEMENT

Inkomste:	£10,110	£24,104
Uitgawe :	£ 5,987	£14,862

Worcester se besigheidsarea is sentraal geleë in die sentrum van die dorp. Sommige van die nuutste besighede is groter as en staan argitektonies uit bo die besighede op enige plattelandse dorp. By die kleurlingwyk kry ons 'n tweede konsentrasie van besighede.

Die ou sportvelde net suid van die Hoër Jongenskool is aan die skool geskenk. Die nuwe sportveld is geleë langs die begrafplase. Die veld het 'n renbaan en fietsbaan rondom. Vir Boulers Tennisspelers en gholfspelers is daar goeie sportsfasiliteite. Forellvangs in die plaaslike riviere is beroemd. Daar sal binnekort 'n nuwe lening gesluit word vir die bou van 'n nuwe swembad,



net noord van die skool vir dowes. Die leiwater van die dorp sal aanhoudend deur die dam vloei.

Worcester het hoërskole vir seuns en dogters. Daar is ook 'n ambagskool, op die ou drosdygronde, en 'n tegniese kollege. Die skole vir blindes en dowes is die grootste in Suid-Afrika. Die skool vir dowes vorm sy eie kolonie, noord van die nuwe fabrieksarea. Die skool vir blindes besit die enigste Braille-drukkery in hierdie land. Om die twee jaar word 'n groot Afrikaanse Eisteddfod gehou.

Die munisipale plantasies is geleë aan die Westekant van die dorp. Die noordelike deel is ouer en bestaan uit bloekombome, Die Suidelike deel uit wattel bome. Die plantasies is nog te klein om alle inwoners van brandhout te voorsien en daar is planne vir verdere aanplanting.

Die administratiewe kantore: munisipale kantore, afdelingsraadkantore, regeringskantore is modern en is sentraal geleë.

Worcester is volgens 'n definitiewe plan uitgelê. Hierdie plan is reeds in die dae van Lord Charles Somersset en onder sy toesig, opgetrek. Daarvolgens is die grond opgemeet in 32 vierkantige blokke van dieselfde grootte. Elke blok sou 4 morge groot wees en opgedeel wees in 6 erwe van 300' X 250'. Die erwe was groot omdat die goewerneur tuinbou en boerdery onder die dorpsbewoners wou aanmoedig. Hy sou leiwater gratis verskaf. Verder is bepaal dat die inwoners hulle woonhuise teenaan die

strate moes bou, sodat die tuine agter die huise gemaak kon word. Die strate sou almal magneties noord of suid loop. Die dorp is dus heeltemal volgens 'n vaste plan uitgelê, sonder dat verkeersweë of riviere 'n invloed op die uitle gehad het. Selfs in goed uitgelegde dorpe soos Robertson en Ceres, is die oudste erwe langs die rivier opgemeet.

Die ou dorp is meer en meer volgebou. Op die funksionele kaart is aangetoon dat in hierdie 32 vierkantige blokke orals langs die strate geslote bebouing aangetref word. Die bevolkingskaart toon 'n digtheid van bevolking wat die van alvier ander dorpe onder bespreking ver oortref. Die nuwe dorp is minder dig bevolk, maar uitbreiding na hierdie kant het ook al sy perke bereik. Waarheen sal die dorp in die toekoms uitbrei. In 1936 was daar 6350 blankes en 8,220 nie-blankes in Worcester woonagtig.

Albei kaarte toon aan dat die digtheid van die nie-blankes nog veel groter is. Die vraagstuk van oorbevolking onder die nie-blankes van Worcester is ernstiger as op enige van die ander 4 dorpe. Ook hier moet daar uitbreiding wees.

PLANNE VIR TOEKOMSTIGE UITBREIDING :-

Voordat 'n mens grootskaalse dorpsuitbreiding kan plan is dit in die eerste plek nodig om naasteby te weet wat die proporsionele samestelling van die groter bevolking sal wees wat ras betref. Vandag is die samestelling in Worcester van nie-blank tot blank ⁺ - 8 - 7. Sal hierdie samestelling gehandhaaf

word? Uit sensusstatistieke blyk dat hierdie samestelling van die bevolking gehandhaaf word in ander semi-industriële dorpe soos Paarl, Uitenhage en Bloemfontein. In dié dorpe is die nie-blanke bevolking dus bietjie groter as die blanke bevolking.

Daar is twee maniere waarop die blanke bevolking van 'n semi-industriële dorp soos Worcester kan aangroei. Eerstens deur geboortes en tweedens deur intrek na die dorp van die platteland en ander dorpe. Hierdie mense is meeste van die werkersklas wat hoop om 'n bestaan te maak deur fabriekswerk te doen. Voordat dorpsuitbreiding op grootskaal geplan word, is dit belangrik dat ons weet watter persentasie van die blanke bevolking van die laer gesalariseerde of werkerstipe sal wees. Hierdie mense moet woon in 'n area waar grond nie baie duur is nie. Dit is ook wenslik dat hierdie woonwyk nie ver van die werkplekke, die fabriek sal wees nie. In 1938 is daar 22 huis deur die munisipaliteit vir hierdie tipe blankes gebou onder die sub-ekonomiese behuisingskema. Die huise is goed gebou en voldoen aan alle gesondheidsvoorwaardes. Die huur is laag. Elke huis staan op 6000 vk. voet sodat daar min oopgrond tussen die huise is. Die huise het 3 slaapkamers, 'n eetkamer, 'n kombuis, 'n badkamer en 'n stoorkamer in die agterplaas. Die kleinste slaapkamer is 8' X 10' dws. 80 vk. voet oppervlakte.

Die perke vir oorbevolking is 40 vk. voet per persoon. Kinders onder 10 jaar kan nog slaap sonder inagneming van geslag. Dit is dus wenslik dat verskillende huise kamers van verskillende grootte sal hê om families van verskillende samestelling te huisves. Die 22 huise op Worcester is van verskillende groottes. Verder is die boustyl van die huise ook verskillend; as al die huise eners lyk gee dit alteveel die indruk van 'n lokasie. Die huise staan net noord van die begrafplaas, aangrensend aan die kleurlingwyk.

Die plan is om al die oop grond tussen die begrafplaas en die eerste straat te begruik vir hierdie tipe huise. Dit is egter onwenslik om hierdie klas blankes teveel in een area saam te voeg en daarvan 'n „kolonie van laer gemeenskapsrang" te maak.

Sedert 1925 was daar dan uitbreiding in die sg. „nuwe dorp". Die blokke en die erwe is kleiner as in die ou dorp. Op hierdie erwe mag nie meer as een huis opgerig word nie, die huis moet 'n waarde van minstens £500 hê en nie meer as 'n derde van die erf mag bebou word nie. Geen besighede mag in hierdie blanke woonwyk opgerig word nie en geen kleurlinge mag hier woon nie. Die waarde van die grond in hierdie wyk het gestyg van £100 per erf in 1925 tot £140 en eindelik tot £200 per erf wat aantoon dat daar 'n groot aanvraag vir grond in die dorp is. Die grond is reeds byna volgebou. Die grond teenaan die spoor is nie te koop nie omdat die ligging aan die spoorlyn die waarde van die grond laat daal en noodsaaklikerwys 'n

swakker tipe bebouing dra. Dele van hierdie grond word vir parke en speelgronde gebruik, die res vir landbou.

Die stadsraad van Worcester het reeds reëlins getref vir uitbreiding in die toekoms. Die area wes van die blanke hospitaal, weerskante van die pad na Bainskloof word beskou as 'n geskikte terrein vir die aanleg van 'n nuwe woonwyk. Die area is bekend as „ Galg heuwel “. Die grond is reeds in 140 erwe van 150' X 100' opgemeet en dit sal £27,000 kos om die nodige geriewe aan te lê. Die bouregulasies van die „ nuwe dorp “ geld ook vir hierdie woonwyk. Die grond se skuinsligging teen die heuwel sal goeie dreinerings verseker. Die area kry die oggendson skuins daarteen aan wat gunstig is in die koue nat seisoen. Daar is 'n groter verskeidenheid in die ligging van die erwe en meer kans om erwe uit te lê en huise te bou na individuele smaak. Die area het 'n mooi uitsig oor die hele dorp en 'n deel van Breërivier. Dit sal die woonwyk van die meer gegoede klas blankes wees. Die grondpryse is hoër as dié in „ nuwe dorp “.

Daar is ook sterk aanbeveling vir uitbreiding van die blanke woonwyke oos van die Hospitaal, agter die skool vir dowes. Hierdie area is bekend as Bruwerskloof. Die grond is reeds opgemeet en sal 'n groot bevolking kan dra. Die berge gee aan hierdie area 'n beskutting teen die heersende winde wat Galgheuwel nie het nie. Die grond het egter 'n gelyk, meer eentonige ligging as Galgheuwel. Die prys daarvan sal goedkoper wees as op

Galgheuvel. Waar daar in die afgelope tyd sterk propoganda gemaak word vir kleiner goedkoper erwe wat deur die laergesalariseerde persoon gekoop kan word, is daar hier kans vir soiets. Die area is nie ver van die fabriek geleë nie. Met die uitbreiding op Galgheuvel en in Bruwelskloof sal die spoorweg deur die dorp loop. Dit sal konsentrasie van die verkeer op 'n paar oorgangplekke veroorsaak wat baie ongewens is.

Daar kan nog baie gebou word op die oop terreine agter die woonhuise in die ou dorp. Dit sal egter nie in die nabye toekoms gedoen word nie. Die eibaar sal nie maklik afstand doen van hulle tuingrond nie. Verder vereis die regulasies dat woonhuise wat agter ander geboue is, 'n bepaalde ruimte om hulle moet hê. Daar moet ook 'n straat van bepaalde breedte na hierdie geboue wees.

Uitbreiding van die kleurlingwyk sal plaasvind in 'n reguit lyn na die pad na Robertson, dws. in 'n reg oostelike rigting. So 'n uitbreiding sal ten gevolg hê dat die kleurling sportsgronde, opvoedingsterryne en - hospitaal dan in die sentrum van die kleurlingwyk, is, wat 'n gewenste toestand is. Die oostelike uitbreiding sal die kleurling nader bring aan die fabriek in die nuwe fabrieksarea en dit sal beteken dat hulle nader aan hulle werksplekke is en dat hulle nie deur die dorp sal stap na hulle werkplekke nie. Die westelike deel van die kleurlingwyk waar geen besighede is nie, is die twee kleurlinglokasies. Die kaarte toon aan dat hier nie meer ruimte vir bebouing is nie. Die oostelike deel van die kleurlingwyk het nog groot oop terreine

waarop gebou
/kan word. 'n Groot deel van hierdie grond behoort aan blankes
wat nie teen so'n stap gekant sal wees nie.

Die lokasies is onder strengere munisipale beheer. In die
kleurlinglokasies kry die kleurlinge die grondregte gratis.
Op die grond moet 'n ordentlike huis gebou word. Die grond
moet goed bewerk word, leiwater word gratis voorsien. Die huis
mag nie verhuur word of as besigheidsplek gebruik word nie.
Gedrag moet goed wees en by ernstige misdaad of verbreking van een
van die regulasies verbeur die eienaar sy grondregte.

Die kleurlingwyk is op gelyke grond geleë en is baie nat
in die/^{reën}seisoen. Hierdie faktor saam met die oorbevolking het
as gevolg 'n baie slegte gesondheids toestand onder die kleurlinge.

Segregasie het op Worcester heel natuurlik ontwikkel. Ons
vind baie min kleurlinge in die blanke woonbuurtes woonagtig,
die meeste van hulle woon in die swakste blanke woonbuurt
wat grens aan die kleurlingwyk. In die kleurlingwyk woon
slegs 'n paar blanke families.

Ek het beweer dat die kleurlingbevolking hoofsaaklik deur
geboortes aangevul sal word. Wat dan van die aanvraag na meer
arbeidskragte met die uitbreiding van die dorp se nywerhede?
Die „intrek“ van blanke arbeidskragte sal nie toereikend wees
nie. Vir Worcester, soos vir alle industriële dorpe en stede
in Suid-Afrika, sal die naturelle-arbeider die oplossing vir
hierdie vraagstuk bied. Die nie-blanke deel van die bevolking

sal deur natuurlike aangeval word. Die „intrek“ van natuurlike in Wes-Kaapland is reeds jare aan die gang. Die natuurlike bevolking van Worcester het ook in die afgelope paar jaar vinnig aangegroei. Omdat natuurlike en kleurlinge nie goed saamwoon nie, het die munisipaliteit in 1939 onder die sub-ekonomiese behuissingskema 'n lokasie vir natuurlike ten suide van die kleurlingwyk gebou. Die lokasie bevat 90 huisies; elke huis het 2 slaapkamers, 'n kombuis en wasplek met stortbad. Die huisies is kleiner as dié vir die kleurlinge gebou onder hierdie skema. Die skema vir kleurlinge is geleë aan die suidekant van hulle woonwyk, langs hulle sportveld. Die natuurlike lokasie is reeds vol, sommige natuurlike woon tussen die kleurlinge.

Die natuurlike lokasie is anderhalfmyl van die nuwe industriële area geleë. Hierdie ligging so vër van die werkplek is ongewens om twee redes: eerstens moet die natuurlike deur die dorp stap na hulle werkplek en tweedens bring hierdie afstand mee dat die natuurlike nie hulle middagete tuis kan wees nie wat uit 'n gesondheidsoogpunt ongewens is. Die plan is om 'n nuwe natuurlike lokasie te bou net ten suide van die nuwe industriële area. Die natuurlike sal dan naby hulle werkplek wees en verwyder van die kleurlinge. Die natuurlike in die ander lokasie sal dan hoofsaaklik werk in die fabriek wat in die dorp geleë is. Die meeste van hierdie fabriek is naby die kleurlingwyk geleë.

As ons nou naasteby weet watter persentasie van die blanke bevolking van die werkersklas sal wees en watter persentasie

van die totale bevolking nie-blank sal wees, kan daar verder geplan word. Die grootte van die area wat vir bewoning deur 'n sekere aantal persone nodig is, kan nasateby bepaal word. Vir nie-blankes kan 8 huise op 1 akker gebou word en elke huis kan 4 persone huisves. Vir blankes kan onder die sub-ekonomiese behuisingskema 6 huise op 1 akker gebou word. Daar is dus verskillende faktore wat in aanmerking geneem moet word as daar dorpsuitbreiding geplan word.

Tot 1920 was daar nog geen bepaalde area opgemeet vir die dorp se nywerhede nie. Die fabriek is opgerig in die bewoonde deel van die dorp, meer aan die westelike kant daarvan. Hierdie fabriek is meesal wynmakery en vrugte-droeërye. In die twintiger jare van hierdie eeu kry ons toenemende industriële ontwikkeling op Worcester. Worcester verwerk nie alleen sy eie distrik se produkte nie, maar weens sy sentrale ligging ook produkte van aangrensende distrikte. Hy word ook die distribusiesentrum van verskillende olie-en petrolmaatskappye. In hierdie jare is die oostelike kant van die dorp, anderkant die Mosselbaaispoorlyn, uitgelê vir fabriek. Die area word „Industria“ genoem. Die munisipaliteit het 'n sypoor 1400' lank daarheen aangelê. Die fabriekspersel is 1 akker groot en het 'n front van 253' aan die sypoor.

Op die funksionele kaart is aangetoon dat die fabriek op Industria reeds 'n groot terrein in beslag geneem het. Die Suid-Afrikaanse Droë Vruchte Maatskappy het in 1921 sy pakstoor

hier opgerig. Na 1928 is hier opgerig die fabriek van die K.W.V., die „ Standard Fruit Co., ” die chemikalië fabriek, die saagmeule en brandetofstoorplekke van verskillende oliemaatskappye.

Industria sal uitbrei in 'n oostelike en suidelike rigting, dus langs die twee spoorlyne.

Daar bestaan 'n mening dat Worcester tog nie goed uitgelê is nie. Die ligging van die „ nuwe dorp”, die beste blanke woonbuurt, so na-aan die fabriek van Industria, sal die voorste deel van hierdie woonwyk met verloop van tyd laat ontwikkel in 'n armbuurt. Hier woon nou reeds etlike laag gesaliseerde spoorwerkerfamilies. As Industria op Galgheuvel aangelê was, sou hierdie toestand nie ontstaan het nie. Die blanke woonwyk sou na die oostekant kon uitgebrei het op grond wat vrugbaarder is as die grond op Galgheuvel wat klipperig is. Hierdie blanke uitbreiding sou aangesluit het by die uitbreiding agter die skool vir dowes, en die fabriek van die dorp sou eenkant afgesonder gewees het.

DIE NYWERHEDE VAN WORCESTER.

Vandag kry Worcester die meeste van sy elektrisiteit direk van Kaapstad. Die kragstasie van Worcester lewer nog 'n klein hoeveelheid elektrisiteit aan die dorp maar sodra twee drade na Kaapstad aangelê is, sal die plaaslike kragstasie onnodig wees. Die munisipaliteit het volle beheer oor die kragvoorsienings vanuit

Kaapstad-Kragvoorsiening van 'n sterk bron soos die Kaapstadse elektrisiteitswerke, is konstant en op die lang duur ekonomies. Hierdie kragverbinding is reeds sover as De Doorns geneem.

DIE WYN- EN BRANDEWYNNYWERHEID:

Die ontwikkeling van die wingerdbedryf in die 19^e en 20^e eeu word behandel in die verhandeling oor die Worcester en Robertson distrikte.

Die „Western Wine and Brandy Co.,“ is reeds in 1890 gestig as die Colonial Wine and Brandy Co. Ltd. Hierdie maatskappy is deur die boere van die distrik gefinansiër om beheer uit te oefen op die wynmark. Verskillende takke is in Wes-Kaapland gestig. Die maatskappy het verligting gebring in 'n tyd toe pryse baie laag was a.g.v. 'n swak mark en hoë uitvoerbelasting.

Die K.W.V. se betekenis vir die wingerdbedryf word in die verhandeling oor die distrik bespreek. In 1933 het die K.W.V. 'n druiwesapfabriek op Worcester opgerig, die grootste fabriek van sy soort in die wêreld. Die fabriek het £35,000 gekos en het 'n stoorkapasiteit van 330,000 gelling. Hierdie nywerheid bied nog 'n afset vir die wingerdbedryf en verminder die groot jaarlike surplusproduksie in hierdie bedryf.

DIE DROË VRUGTENYWERHEID.

In 1890 was droëvrugte nog nie 'n handelsproduk van groot waarde nie. Eers is songedroogde perskes op die mark gebring,

daarna sultans in omtrent 1900 en 'n paar jaar later appelkose, mebos en pruime. Gradering was onbekend tot omtrent 1912. Die afset was aanvanklik klein want die produk moes eers bekend word. Die nywerheid het vinnige vooruitgang gemaak totdat dit vandag een van die grootste in Worcester is. Rosyne is egter reeds in 1860 vir handelsdoeleindes geproduseer. In daardie dae was Worcester die enigste produsent van rosyne in die land. In 1920 is soveel as 20,000 sakke rosyne per jaar gelewer deur Worcester fabriek.

Die Suid-Afrikaanse Droë Vrugte Maatskappy is in 1908 in Wellington in die lewe geroep met 'n kapitaal van £2,500. In 1921 word die eerste stoor op Worcester gebou. Die maatskappy hanteer jaarliks 10,000 ton vrugte op Worcester.

Die firma „ J. D. GREWE AND SONS " is meer as 50 jaar oud. Die fabriek maak die bekende „ Sungrew " produk. Behalwe droë-vrugte word ook gekristalliseerde en geglaseerde vrugte en lekkers gemaak.

Die „Standard Fruit Company " het vanaf 1929 gegroei tot een van Worcester se grootste besighede. Die maatskappy verskaf werk aan meer as 100 werknemers. Onlangs het die maatskappy ook 'n konfytfabriek opgerig.

Een van die oudste vrugte-droeerye op Worcester is „ DeVos Krone & Co. " Die firma maak ook asyn. Die waarde van produkte maandeliks verkoop is meer as £10,000. Aan salarisse en lone word plus minus £9,000 per jaar uitbetaal.

Al die vrugte-droeërye op Worcester maak gebruik van son-droog. Die sagtevrugte kom hoofsaaklik van Ceres. Die afsiet van droë-vrugte, sowel as van versuikerde en geglaseerde vrugte is vergroot sedert die uitbreek van die oorlog. Die verdedigings-magte gebruik jaarliks groot hoeveelhede. Die Dried Fruit Packers Association het 'n kontrak met die regering en hierdie liggaam bepaal hoeveel vrugte elke fabriek aan die regering kon lewer. Die vrugtekissies wat eers hoofsaaklik van ingevoerde hout vervaardig is, word tans van Suid-Afrikaanse hout vervaardig. Die gehalte kissie is swakker en die prys het gestyg van £17. per 1,000 kissies tot £60.

DIE ASYNNYWERHEID.

Afgesien van die klein hoeveelhede ingevoerde asyn, is in S.A. tot die begin van die 20^e eeu, gebruik wat sal noem „suur wyn“. In later jare is in verskillende kusstede „malt vinegar“ vervaardig. In 1908 is die eerste druiwe-asynfabriek in Worcester opgerig. Die regering het die nuwe nywerheid aange-moedig omdat dit die hoeveelheid supluswyn verminder het.

Die firma De Vos, Krone maak 25,000 gelling asyn per maand. Die asyn word gemaak van wyn van 40% alkohol sterkte. Die meeste kuipe word in die Paarl gemaak. Elke asynmakery het sy eie kuiperstelwerke.

'n Ou gevestigde en bekende asynmakery is die Union Vinegar Co., Ltd.

Die uitbreek van die oorlog het die aanvraag na Suid-Afrikaanse asyn vergroot. Die vernaamste rede hiervoor is dat asyn nie meer op grootskaal uit die buiteland ingevoer kan word nie. Die aanvraag vir die leërmagte is groot. Die maak van „pickles“, waarby asyn gebruik word, het baie uitgebrei. Asyn word ook by leerlooierij gebruik.

DIE CHEMIKALIË - FABRIEK.

'n Nywerheid wat groot vooruitgang gemaak het, is die „Worcester Chemical & Orchard Supplies Co. Ltd.“ Die fabriek staan op Industria en is 13 jaar gelede gestig. Dit is gestig om aan die boere hulp te verleen in hulle stryd teen boordenwingerdpeste en siektes. Bestrydingsmiddels word op grootskaal gefabriseer. Die beleid van die firma is om effektiewe bestrydingsmiddels teen so'n prys te vervaardig dat die boer nog 'n goeie profyt uit sy produk sal kry. In die groot modern-toegeruste laboratorium word gedurig navorsingswerk gedoen. Die vinnige vooruitgang van hierdie fabriek is voldoende bewys dat die boere sy werk ten volle waardeer.

DIE MEULE, WAAKERY en LEERLOOIERIJ:

Hierdie drie nywerhede is onontbeerlik op elke dorp. Reeds teen die helfte van die 19^o eeu is hierdie drie nywerhede op Worcester gevestig.

Mnr. Jan Joubert het die eerste meule wat met masjinerie gewerk het, opgerig. Destyds het die meule 7 sakke graan per

dag gemaal, waar dit vandag met moderne masjinerie oor die 300 sakke per dag maal.

Voordat die spoorweg aangelê is, was wamakerye een van Worcester se grootste nywerhede. Hout is hoofsaaklik van Knyena verkry per ossewa. Na die aanlê van die spoorweë na die binneland in omstreeks 1880 het die nywerheid langsaam agteruitgegaan.

Reeds in 1840 was daar 'n leerlooierij op Worcester. Omstreeks 1880 is begin met die maak van skoene. Die nywerheid het geleidelik uitgebrei en het vandag 'n groot personeel.

Omstreeks 1920 is die romery opgerig. Ander nywerhede op Worcester is die lemonade- en lekkergoedfabriek, die saagmeule en die stoortenke van die „Vacuum Oil Co.,“ „Galtax Ltd.,“ „Shell Co.,“ en „Atlantic Co.“

DIE DORP ROBERTSON

ROBERTSON:

DIE LIGGING VAN ROBERTSON :

Robertson is geleë aan die spoorweg tussen Worcester en Swellendam. Die afstand na Worcester is 29 myl met die pad. Die dorp is geleë op 'n gelyk vlakke wat strek aan die voet van die Langeberge. Die berge loop aan die kant van die dorp waar die kleurlingwyk en begrafplaas geleë is. Van die bergkant is daar 'n geleidelike daling na die kant van Hooparivier wat tussen die dorp en die drie skoolgeboue loop. Die munisipale grens word aangedui op die funksionele kaart met 'n rooi stippellyn. Aan die bergkant is daar min munisipale grond. Dit is nie 'n nadeel vir die dorp nie want die berggrond is ongeskik vir bebouing. Anderkant Hooparivier strek die dorpsgrond oor 'n groot gelyk vlakke, en die na hierdie kant wat die dorp in die toekoms sal uitbrei. Breërivier loop aan die stasiekant van die dorp verby, op 'n afstand van omtrent $1\frac{1}{2}$ myl van die dorp.

DIE STIGTING VAN ROBERTSON.

Robertson was soos die meeste plattelandse dorpe, eers 'n gewone boereplaas : „ Het Roode Zand aan de Hoops Rivier in het Land van Waaferen, " in die distrik van Swellendam. Die toenmalige eienaar was sekere Mnr. Hans van Zyl. In 1852 is Robertson gemeente afgestig van die Swellendam gemeente wat te

groot geword het. In dieselfde jaar word die plaas van Mnr. van Zyl gekoop teen £4200 vir die aanlê van 'n nuwe dorp. Die dorp is genoem na die vader van die gemeente Dr. Robertson van Swellendam.

DIE GROEI EN ONTWIKKELING VAN ROBERTSON.

Op 4 Mei 1853 is die eerste erwe verkoop deur Mnr. Joseph Barry. Die erwe was op die volgende wyse uitgelê:

Watererf 300vk. Roede $1\frac{1}{2}$ uur water.	
Droë 150vk.	Erwe roede.

Om die inwoners aan te moedig om watererwe te koop, is die besitter van elke watererf toegelaat om 10 stuks grootvee en 25 stuks kleinvee op die dorpsgronde aan te hou. Die dorp is uitgelê volgens moderne planne van dorpsuitleg. Die dorp is min of meer vierkantig, die erwe en blokke vierhoekig, die strate reguit en wyd.

Die eerste erwe is verkoop langs Drooge-rivier, die rivier wat tussen die dorp en die begrafplaas vloei. Van die eerste erwe is ook verkoop aan die stasiekant van die dorp.

Soos op die meeste dorpe het die eerste inwoners van Robertson geboer op hulle erwe. Hulle het wingerde geplant en veral Brandewyn gemaak. Die prys van Brandewyn was in daardie dae nog

maar laag, soms so laag as £7. 10. 0. per leër. Vroeg reeds is begin met besproeiing, veral uit die Breërivier. Wamakery was destyds die belangrikste industrie.

Die eerste afslaer Joseph Barry was hoof van die firma Barry en Nefen, Algemene Handelaars, Skeeps en Kommissie agente, wat besigheidstakke oral in die Suid-Westelike Distrikte gehad het. In 1853 open hierdie firma 'n tak op Robertson. Baie krediet is aan die inwoners verleen om hulle vorentoe te help. Hierdie besigheid is vandag die grootste op Robertson en staan bekend as die Robertson Handelsvereniging of R.T.A. (Robertson Trading Association)

Die dorpie het geleidelik uitgebrei. In 1860 is 23 families hier woonagtig. In daardie jaar het 'n ramp die inwoners getref. Masels en later koors het uitbreek, op die dorp het 58 persone gesterf.

Op 3 November 1858 is die eerste hofsitting op Robertson gehou. Die eerste sewe sake was 'n aanduiding van wat later sou volg: almal kleurlinge aangekla weens dronkenskap. In 1864 was daar slegs tweekeer posdiens tussen Kaapstad en Robertson. Die postarief was 4d. vir briewe ligter as ½ ons.

Toe die volstruisveertydperk aanbreek, is baie wingerde uitgehaal en lusern geplant vir die voëls. Die boere van die Robertson distrik het ryk geword a.g.v. die hoë pryse vir die vere en die dorp het vooruitgang getoon. In 1913 is die stadsaal klaargemaak teen 'n koste van £11,000 dit was toe bekend as die

moelste stadssaal op die platteland van die Kaap-Provinsie.

In 1913 stort die volstruisveermark egter ineen.

Die boere het egter nie moed verloor nie, hulle het die volstruisse geslag en weer wingerde aangeplant. Nou word óók boorde op grootskaal aangeplant: veral appelkose, sultanas en pruimedante. Op die dorp is groot droeërye opgerig.

In 1923 het die dorp sy eerste elektrisiteit gekry. In die 20 jaar tot 1943 het die verbruik van elektrisiteit op Robertson geweldig toegeneem. Die waarde van elektrisiteit jaarliks verbruik, het toegeneem van £7800 in 1935 tot £19,232 in 1943. In 1940 is elektrisiteit ter waarde van £11,501 verbruik. Daar is dus 'n toename in verbruik van byna £8000 in 3 jaar ----- en dit onder oorlogstoestande. Hierdie hoë syfers moet veral toegeskrywe word aan die verbruik van elektrisiteit deur die nuwe Nestle's-fabriek en die toenemende verbruik deur die wynmakerye op Robertson. Vandag word elektrisiteit verskaf aan die dorpie Mc.Gagar, 13 myl vanaf Robertson, en ook aan Ashton. Baie boere gebruik elektrisiteit en dorpswater vir hulle woonhuise. Sommige boere gebruik elektrisiteit om water uit die Breërivier te pomp vir besproeiing.

In 1926 het die groot besproeiingskema van die Brandvleidam naby Worcester begin werk. Hierdie skema voorsien die hele Robertson distrik van besproeiingswater. Hierdie skema het dit vir die Robertson boere moontlik gemaak om op intensiefste wyse wingerde en boorde te kweek. Vanaf 1924-35 toon die distrik

'n persentasie vermeerdering in produksie lêers van 322.4%.

Die waarde van grond styg van £200-£400.

Net soos die besproeiingskema dorre lande in wingerde, vrugteboorde en lusernkampe laat ontwikkel, en die waarde van die distrik laat styg, so vorder en styg die waarde van die dorp. Tereg het die vorige stadsklerk Mnr. E. R. Malherbe beweer : „ in vergelyking met ander dorpe is daar seker nie nog so'n klein distrik wat so'n groot dorp in stand hou nie. " Gedurende die 5 jaar van 1932-1937 maak die dorp 'n tydperk van verbasend snelle ontwikkeling deur. Die munisipaliteit het meer skemas deur lenings aanvaar dan sedert sy bestaan opgeneem is. Daar is meer as £20,000 aan waterwerke en waterskemas spandeer, £23,000 aan uitbreiding van elektrisiteit, £3750 aan teer van strate en ongeveer £5000 aan ander openbare werke. Gedurende hierdie 5 jaar is daar vir byna £150,000 gebou op Robertson, die munisipale waardasie het gestyg van £500,000 tot £650,000, dws. Robertson het in die 5 jaar van 1932-1937 byna $\frac{1}{3}$ groter geword.

Die kleurlingwyk is geleë in die een hoek aan die bo-ent van die dorp. Soos op die kaart aangetoon is segregasie goed, slegs op 'n paar plekke woon kleurlinge in die blanke-wyke. Die toestand van oorbevolking is baie ernstig onder die kleurlinge. Meer as 2000 kleurlinge is saamgehoek op 'n baie klein area. Die meeste huisies is oud en baie bouvallig. Die munisipaliteit doen sy beste om hierdie toestand te verbeter. Reeds in 1932 word

die beleid van die munisipaliteit in die gesondheidsrapport van daardie jaar uiteengesit: „ From time to time cottages, coming into the market, are being purchased by the Municipality and these cottages, when renewed provide more satisfactory conditions. Dilapidated cottages are either removed or suitably repaired. ” Daar bestaan 'n plan om vir die kleurlinge onder die sub-ekonomiese behuisingskema 66 huisies te bou teen 'n koste van £15,000. Daar is baie meer teringgevalle onder die kleurlinge as onder die blankes. Op die funksionele kaart is al die kleurling bebouing as geslote aangegee. So dig staan die huisies en geboue opmekaar dat daar byna geen ruimte vir tuine is nie.

Die toestande onder die blankes is veel beter. In die meeste blokke is oopgrond wat as ope bebouing aangegee is. Hierdie grond word gebruik vir die kweek van wingerde, boorde en groente. Soos in die eerste jare van sy bestaan is Robertson vandag nog 'n tuindorp by uitstek. Daar is gevalle van oorbevolking onder die blankes, hoofsaaklik in die swakker woonbuurtes wat grens aan die kleurlingwoonbuurt en naby die stasie. Al die huise in Robertson is vol. Die armer klas blankes neem soms nog lo-seerders in, in huise wat skaars groot genoeg is vir hulle eie families. Onder die sub-ekonomiese behuisingskema is daar ses huise vir blankes gebou naby die dorpsdam aan die be-ent van die dorp. Die plan is om na die oorlog nog 20 dergelyke huise hier te bou. In 1936 was daar 3,250 blankes en 2000 nie-

blankes in Robertson woonagtig.

Die beste blanke woonbuurt strek van die sentrum van die dorp na die kant van die skole anderkant Hoopersrivier. In hierdie wyk is geen besighede nie en woon geen kleurlinge nie. Soos die kaart aandui is die grond hier byna vol bebou. Die oop grond wat aan dieselfde kant van Hoopersrivier strek na ^{die} bergkant is laagliggend, vleiagtig en te nat vir bebouing. Die grond word deur die munisipaliteit aan inwoners verhuur vir tuinbou en wingerdbou. Ek het reeds melding gemaak van die gelyk vlakke wat agter die skole uitstrek vir myle aaneen. Na hierdie kant sal die dorp in die toekoms uitbrei. Die grond lê skuins, daar sal geen moeilikheid met dreinerings wees nie. Daar bestaan 'n mening in Robertson dat die dorp lievers op hierdie area aangelê moes gewees het. 'n Dal van hierdie area word tans gebruik as golfbaan. Die kleurlingwyk kan nog uitbrei in die rigting van die begrafplase.

Die vernaamste besighede is gekonsentreer in die sentrum van die dorp. In die woonwyke is daar orale winkeltjies, meesal op die straathoeke. Die grootste besigheid is die Robertson Handelsvereniging Beperk, Vanaf 1921 is die besigheid in die hande van die handelsvereniging. Baie van die vooraanstaande boere is die distrik het aandeel. Jaarliks word omtrent £10,000 aan salarisse en lone uitbetaal deur hierdie besigheid. Belasting van 2d. in die £. word betaal op vaste eiendom.

Die toestand van die paale is goed. Al die vernaamste strate is geteer, 15 myl strate in hardgemaak en 24 myl sypaale is uitgelê. Daar is 30 myl watervore. Die leiwater van die dorp kom van die Langeberge in oop vore na die drie damme naby die dorp. Vir leiwater word betaal na waardasie van eiendom. Die drinkwater kom in pype van die Langeberge en is 99% suiwer van organiese stowwe. Die deel van die dorp wat die water eerste bereik is hoër geleë, daar is dus geen moeilikheid om die water by die onderdeel van die dorp te kry nie. Daar bestaan planne om binnekort 'n rioelstelsel in te stel. Hierdie skuinsligging is baie gunstig vir so'n stelsel.

Die sanitêre kamp is geleë twee myl van die naaste woonhuis, verby die sportsgronde. Daar is 'n skema in vooruitsig gestel waardeur alle dorps-afval in „Kompos“ omgesit sal word en as gwano verkoop sal word. In lande soos India waar die bevolking baie dig is, is die stelsel reeds jare in swang. Proewe het bewys dat kompos beter is as kraalmis, veral vir kleiagtige grond wat deur die kunsmis losgemaak word. Die afset sal in die eerste plek aan dorpenaars wees. Kompos sal die tekort aan kraalmis en gwano wat daar vandag bestaan, aanvul.

Die Abbatoir kos £1800. Dit geleë teenoor die stasie, naby die Nestle's melkfabriek. In 1942 is by die slagpale geslag 628 beeste, 280 Kalwers, 15,835 skape, 2,683 bokke en 1,017 varke.

Die sportsfasiliteite is goed. Net oorkant Hooperivier is die sportsgronde geleë. Hier word ook die landboutentoonstellings gehou. In 1941 is die boulperk geopen waar die markplein eers was. Die dorpsklub het sy eie tennisbane. Omstreeks 1932 het die munisipaliteit besluit om die pragtige baaiplek by die Breërivier, twee myl van Robertson vir die publiek en besoekers beskikbaar te stel. Die lieflike sanderige strand by die swemplek het die baaiplek die naam Silberstrand gegee. In die groot bos langs die strand kan teen 2/6 per week ^{Kamppeel} gekamp word. Alle moontlike geriewe is ingestel. Silberstrand is vandag bekend as een van die mooiste binnelandse strande en die strand lok jaarliks groot getalle besoekers. Die strand is 'n ekonomiese bate vir die dorp.

Robertson is bekend as 'n opvoedingssentrum in Wes Kaapland. Daar is drie skole, almal in moderne geboue: 'n Seuns en meisies primêre skool en 'n gemengde hoërskool. In die 10 jaar vanaf 1927-1937 het die getal leerlinge in die Hoërskool 50% vermeerder van 170 tot 240. Die gemiddelde persentasie geslaagdes oor die tydperk was 89 by die Senior en 95 by die Junior-Sertifikaat-eksamens.

DIE NYWERHEDE VAN ROBERTSON.

Die meeste nywerhede van Robertson is geleë naby die stasie. Omdat die kleurlingwyk aan die anderkant van die dorp geleë is,

moet die kleurlingarbeiders deur die dorp stap na hulle werk wat 'n ongewenste toestand is. In die industriële area is daar nog kans vir uitbreiding. Die area sal in die toekoms uitbrei langs die spoorlyn in die rigting van Swellendam; aan die anderkant van die spoor as wat die woonwyke sal uitbrei. Die spoorlyn sal dus die nywerheids area van die woonwyke skei.

Die nywerhede van Robertson verwerk die roustowwe van die distrik, waarvan druiwe, vrugte, melk en groente die belangrikste is. Die beraamde waarde van hierdie produkte van die Robertson distrik vir 1943 is die volgende:-

Druiwe	:	£287,000
Ander vrugte	:	£ 22,000
Melk, botter en kaas	:	£ 34,000.

Die Ko-operatiewe Wynboere Vereniging: Die plaaslike tak van die K.W.V. is in 1926 geopen. Die tak is begin met 1 distileerketel, 'n stoor met 15 tenks van 100 lêers elk. Vandag is daar 6 store met 128 tenks. In 1940 is ± 40,000 lêers wyn gemaak. Vandag word verreweg die grootste hoeveelheid potketel brandewyn in Suid-Afrika op Robertson gemaak. Hierdie snelle uitbreiding van die tak op Robertson het veral plaasgevind na 1928 toe die duisende nuut-aangeplante wingerdstokke begin dra het.

Die „Robertson Distillery" is 'n ouers besigheid. Jaarliks word 1700-1800 lêers wyn gemaak. Die afset is meesal aan hotels en ander private besighede.

Die „ Castle Wine and Brandy Co., ” dateer uit die dae voordat die boere hulle wyn ko-operatief bemaak het. Die besigheid het 'n stokery en wynmakery. In die stokery word stookwyn gestook tot „ spirits ” wat gebruik word by die maak van brandewyn en by die fortifikasie van wyne. Omtrent 40 van die Robertson boere het hulle druiwe aan die „ Castle Wine and Brandy Co. ” gestuur. In 1940 is egter die „ goeie-wyn wet ” van die K.W.V. aangeneem waardeer £2. meer per lêer betaal word vir goeie-wyn wat ko-operatief bemaak word. As direkte uitvloeisel van hierdie wet is toe in 1941 gestig die „ Robertson-Ko-op. Wynmakery ” deur dieselfde 40 boere.

Die Robertson Ko-operatiewe Wynmakery is opgerig teen £15,000. Die kapasiteit van die kellers is 6500 lêers. In 1942 is 5000 ton druiwe gepars. Die wyn word hier „ geblend ” versny en gestoor. Al die wyn word verkoop aan die „ Castle Co. ”

Die arbeid word in die parssesoen gedoen deur 60 nie-blanke, waarvan 50% naturelle is. Die bestuurder van hierdie ko-operatiewe wynmakery beweer dat die naturelle deeglike werk doen. Hulle is in die begin dom, maar is gewillig om alle soorte werk te leer. Hulle is oor die algemeen meer vertroubaar as die kleurlinge en baie gewillig om oortyd se werk.

Sedert 1910 het die droë-vrugte-industrie van Robertson baie uitgebrei. Die meeste vrugte word gedroog deur die Robertson Handelvereniging. Die Suid-Afrikaanse Droë-vrugte Maatskappy het 'n tak op Robertson. Die droeërye maak slegs

van sonders gebruik.

Die Langeberg- Ko-operatiewe Inmaskfabriek is geleë op Ashton, nege myl van Robertson. Vars vrugte en groente wat in baie gevalle in 'n verlepte en onaantreklike toestand aan die verbruiker aangebied is, word nou in reuse hoeveelhede deur die fabriek in blikkies geplaas en op die regte manier aan die verbruiker gebring.

Die Nestle's Kondensmelkfabriek verdien spesiale melding. Die fabriek het in Augustus 1940 begin werk. Dit is die eerste en enigste van sy soort in die Westelike Provinsie. Suiwelboerdery brei vinnig uit in die Robertson distrik en die Suid-Westelike Distrikte en hierdie fabriek bied 'n goeie afset vir die melk.

Die fabriek is op Robertson opgerig omdat die ligging sentraal is vir die streek waar suiwelboerdery gevestig is en in die toekoms sal uitbrei. Die melk kom vandag hoofsaaklik van die Robertson, Worcester en Montagu distrikte. Die afset van hierdie fabriek is net in die Westelike Provinsie. Ander soortgelyke fabriekke bedien ander dele van die land. Hierdie fabriek het dus 'n goeie mark. Die beleid van Nestle's was nog altyd desentralisasie, om die fabriek op te rig naby die roumateriaal en die mark. Die tweede roustof is suiker wat uit Natal verkry word.

Die fabriek het vinnig ontwikkel. Die fabriek het begin

met die verwerking van 800 gelling melk per dag, na drie jaar het die hoeveelheid toegeneem tot 2,400 gelling per dag. Die hoeveelheid neem nog steeds toe en daar kan nog twee of driekeer soveel melk ingeneem word. Die melk word per vragmotor aangery.

Elektrisiteit word deur die munisipaliteit verskaf. Daar die hele proses van fabriekasie feitlik meganies is, is min geskoolde arbeid nodig. Die arbeid word deur naturelle en kleurlinge verrig. Die bestuurder van die fabriek beweer dat die naturel gewys het dat hy 'n gedugte industriële werker is. Hy is gewillig om heel week te werk, wat die kleurlinge nooit sal doen nie en hy is ook skoner as die kleurling. Laasgenoemde twee faktore is van baie belang vir die melkindustrie. Die arbeiders word maandeliks betaal wat as gevolg het dat die arbeiders minder dronk is en meer geleentheid het om te spaar, as wanneer hulle weekliks betaal word.

Nestlé's het die naam van die wêreld se grootste melkverwerkers. Alreeds verwerk Nestlé's 'n groot persentasie van die Unie se melkproduksie en is hulle een van die grootste kommersiële verbroeders van Suid-Afrikaanse suiker.

DIE DISTRIKTE WORCESTER EN ROBERTSON

DIE DISTRIKTE WORCESTER EN ROBERTSON:DIE KLIMAAT:

Die Worcester en Robertson distrikte is geleë agter die berge waar die invloed van die see nie meer sterk is nie. Daar is groot verskille tussen die warmste en koudste maande. Die gemiddelde maandelikse temperature vir die dorp Worcester is die volgende:-

	Jan.	Feb.	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
00F	72.9	72	69.9	65.9	58.9	54.5	52.5	55	58.4	63.1	66.1	70.7

Die verskil tussen die warmste en koudste maand is 20.4°F wat na die verskil in Ceres die grootste is in Wes Kaapland. Die klimaat van Robertson is deur die jaar 'n paar grade warmer as die klimaat van Worcester.

Die totale jaarlikse reënval vir Worcester en Robertson is $11.89''$ en $12.47''$ resp. Die volgende tabel toon die gemiddelde maandelikse reënval in duime:

	Jan.	Feb.	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
Worcester:	.26	.38	.51	1	1.46	2.06	1.72	1.53	1.12	.98	.51	.36
Robertson:	.59	.76	.89	1.16	1.2	1.51	1.34	1.31	1.28	.96	.86	.61

Albei plekke kry hulle meeste reën in die Winter, Robertson kry meer Somerreën as Worcester. Worcester kry sy Winterreën van die noordewinde wat inwaai na die siklone of laaglugdrukgerdels wat in hierdie seisoen oor Wes Kaapland strek. Die noordewinde bereik selde vir Robertson. Robertson kry 'n groot deel van sy

reën van die suidoostewinde en suidewinde wat hoofsaaklik in die Somer waai. Die Riversonderendberg keer hierdie winde gedeeltelik sodat Robertson minder reën kry as plekke soos Swellendam wat 50 persent van sy reën in die Somer kry.

Die hele Robertson distrik het 'n lae reënval en alle gewasse word onder besproeiing gekweek. In die Worcester distrik is daar 'n groter verskeidenheid in die reënval. Die streke om die dorp en die streek aangrensend aan Robertson kry soveel reën as die dorp. Die De Doorns streek in die Hex-riviervallei kry minder reën n.l. 10.86" per jaar. Alle gewasse word besproei in hierdie vallei. Die Nuyvallei is nog droeër. Die egter-karodeel van die distrik aan die anderkant van die Hexrivier-vallei is die droogste deel van die distrik. Rawsonville kry meer reën as gevolg van die ligging T.O.v. die berge. Die deel kry 21.85" reën per jaar en besproeiing is hier nie nodig nie.

Die reënval is oor die algemeen betroubaar. Robertson se reënval is minder betroubaar, die gemiddelde afwyking van die normale jaarlikse reënval is tussen 15% en 24%.

Vergeleke met die optimum klimaat van Huntington is die Somers van hierdie distrikte te warm en te droog. In hierdie opsig is die natter Somerklimaat van Robertson beter as die van Worcester. Die Winterklimaat van Wes-Kaapland is te warm vergeleke met die optimum. Hiervolgens het Worcester een van die beste Winterklimata in Wes Kaapland. Alleen Ceres

het kover Winters.

DIE TOPOGRAFIESE LIGGING, DIE GROND EN GRONDWAARDES:-

Die suidelike grens van die twee distrikte val saam met die Riviersonderendberge. Hierdie bergreeks vorm 'n verkeershindernis; twee paaie gaan daar oorheen: / ^{een tussen} Greyton en McGregor in die Robertson distrik, en een tussen Villiersdorp en Worcester, oor die pas Rooihogte. Die berge is oor die 4000' hoog; na die noorde daal die landskop geleidelik na die Breërivier.

Die Breërivier vloei in 'n breë vallei vanaf Wolseley tot verby Swellendam. Vanaf Wolseley, waar die vallei 'n groot draai maak, kry ons aan die noordekant die hoë Waaihoek; Mostertshoek en Hexrivierberge, almal oor die 6000' hoog.

Die Hexriviervallei is ± 15 myl lank, waarslegs 'n paar myl breed. Aan beide kante word die vallei deur passe bereik. Die noordelike pas verbind die vallei met die Karoo waarvan deel in die Worcester distrik val. Aan die suid-oostekant van die vallei is die 5000' hoë Kwadouberge.

Vanaf hierdie berge loop die Langeberge, reguit in oostelike rigting. Hierdie berge vorm die noordelike kant van die Breë riviervallei en ook die noordelike grens van die Robertsondistrik. Die helling van die Langeberge is aan die suidekant hoog en styl. Van albei kante van die Breëriviervallei stroom syriviere in die Breërivier, hulle word byna almal gebruik vir besproeiing.

'n Groot deel van beide distrikte vorm deel van die vallei van die Breërivier en sy sytakke. Die grond is laagliggend (tussen 600' - 1200'), dit is die beste landbougrond, word die intensiefste bewerk en het die hoogste grondwaarde. Die berge bestaan uit Tafelbergsandsteen. 'n Groot deel van die bewerkte gronde van beide distrikte bestaan uit die Tafelbergsandsteen in verweerde vorm. Hierdie grond is oor die algemeen suur en onvrugbaar. Die grond van die Bokkeveldserie is vrugbaarder en word veral aangetref in die Robertson distrik. Die karoogronde (Ecca en Dwyka) is brak en word hoofsaaklik gebruik vir die kweek van brougars. Die grond in die twee distrikte verskil dus van ligte sandgrond tot swaarder leemgrond.

Vandat die grond in die Robertson distrik besproei word deur die Brandvlei-besproeiingskema, het die waarde en prys daarvan baie gestyg. 'n Morg grond behaal gewoonlik die prys van £200. As die val van die Brandvleidam hoër gemaak word, sal baie meer grond onder besproeiing kom en sal die Robertson distrik omtrent tweekeer soveel mense kan dra. Daar is reeds £450,000 aan hierdie skema bestee. Die bou van die nuwe damwal sal £100,000 kos.

Die donker spoelgrond van die Hexriviervallei is baie vrugbaar. Die vrugbaarheid van die grond saam met die hoë prys van tafeldruiwe, die vernaamste produk van hierdie vallei,

gee aan die grond 'n baie hoë waarde. 'n Morg grond is al vir £800 verkoop, die gewone prys is £500.

In die He^kriviervallei is die meeste grond reeds bewerk. In die orige deel van die Worcester distrik asook in die Robertson distrik, is daar nog baie bewerkbare grond. Die enigste faktor wat verdere bewerking teenhou, is die gebrek aan besproeiingswater.

DIE BOERDERYBEDRYWE:

Die Wingerdbedryf :

Reeds in 1655, drie jaar nadat hy aan die Kaap geland het, het Jan van Riebeeck die eerste wingerdstokke ingevoer. Die oorspronklike doel was om wyn en brandewyn aan die H.O.I.K. se skepe te verskaf. Die grond en klimaat van die nuwe neersetting aan die Kaap was egter so geskik vir hierdie bedryf dat die vryburgers hulle spoedig daarop begin toelê het; in 1687 was daar reeds 400,000 wingerdstokke. Die kolonie brei uit en daarmee die aantal wingerdstokke : in 1752 staan die getal op 3.9 miljoen en word 2050 lêers geproduseer. Hierdie getal stokke groei aan tot 13 miljoen, in 1819. Wynuitvoer neem 'n aanvang, eers na die H.O.I.K. se oosterse besittings; teen die middel van die 19^e eeu ook na Brittanje en Europa. Ons wyn kry teen hierdie tyd voorkeur op die Engelse mark en die aantal stokke vermeerder tot

78.6 miljoen in 1891. Die Foloksera ramp is vroegtydig deur oorenting bestry. Teen 1904 was daar reeds 'n surplusproduksie. Onder aanmoediging van die Kaapse Regering is nege Ko-operatiewe Wynmakerye gestig om die wingerdbedryf beter te beheer. Vanaf 1906-1913 is daar die opbloei in die volstruisveermark. Waar wingerde onder besproeiing gekweek is, lê die boere hulle nou meer toe op die kweek van lusern vir die voëls. Omstreeks 1913 stort die volstruisveermark ineen en daarna neem die aantal Wingerdstokke weer toe: in 1918 het die aantal tot 86.9 miljoen vermeerder en was die produksie 96,750 lêers. Vroeër of later sou die aanbod die aanvraag oorskry en hierdie stadium is nou bereik; van 1915-1917 daal die pryse per lêer tot £2. 10. 0. In 1917 word die Ko-operatiewe Wynbouers Vereniging gestig om die bedryf te stabiliseer. Ook 95 persent van die wynboere het lid geword. Die K.W.V. gaan 'n ooreenkoms aan met die Wynhandelaars waarvolgens die handelaars alleen deur die K.W.V. sou koop. As gevolg van die groot surplus en ontroetheid aan die kant van die handelaars sowel as sommige lede het die stelsel nie goed gewerk nie. In 1921 was die prys weer £3. per lêer. Dit was duidelik dat die stelsel van ko-operatiewe samewerking alleen suksesvol sou wees as dit deur wetgewing toegepas word. In 1924 besluit die Regering om die wynboere te help en word die „Wet op die kontrole ower wijn en spiritualiën aangeneem, waardeur die K.W.V. volle beheer oor stookwyn kry. Die surplus word nou gestoor. Hierdie wet het die wingerdbedryf gestabiliseer en na 1924 het dit vinniger as ooit tevore uitgebrei.

In 1940 kry die K.W.V. deur wetgewing ook volle beheer oor alle soetwyn (wet 39 van 1940).

Behalwe die K.W.V. is daar nog sewe ander wyn ko-operasies. Die jongste hiervan is die Robertson Ko-operatiewe Wynboere Vereniging in 1941 gestig. Dié Ko-operasie het 40 lede. Die ander 5 ko-operasie het maar 106 van die 3000 wynboere as lede. Die K.W.V. is dus verreweg die grootste van hierdie Ko-operasies en oefen ook die meeste beheer uit oor hierdie bedryf. Dit staan op 'n baie gesonde ekonomiese basis; sy bates is oor £2,000,000 en laste maar £207,063.

Die hoofkantore van die K.W.V. is in die Paarl. Oor hele Wes-Kaapland is daar takke : Stellenbosch, Montagu, De Doorns, Robertson en Worcester. Op Worcester is 'n wynmakery- druiwesap- en moskonfytfabriek en kelders vir die stoor van brandewyn. Op Robertson is ook brandewynkelders, 'n distilleerdery en moskonfyt fabriek. Onder hierdie effektiewe ko-operatiewe stelsel het die totale produksie vermeerder van 96,750 lêers in 1918 tot 326,043 lêers in 1940.

In die Robertson en Worcester distrikte het die wingerd-bedryf die grootste uitbreiding gemaak na 1924. Hierdie distrikte word soms genoem die nuwe wyndistrikte. Die volgende tabel toon die toename in wynproduksie in die tydperk 1924-1940 aan:

Wynoes uitgedruk in lêers:

	1924	1930	1935	1940	Vermeer- dering.	Persentasie Vermeerdering
Worcester :	20,088	45,644	48,940	79,367	59,259	395
Robertson :	8,533	29,664	36,042	56,539	48,006	573.7
Paarl :	27,507	33,782	38,477	52,485	24,978	90.8
Stellenbosch:	17,059	21,338	27,404	46,831	27,772	174.5

Die uitbreiding van die wingerdbedryf na 1924 in die nuwe wyndistrikte oortref dus ver die uitbreiding in die ou wyndistrikte Paarl en Stellenbosch. Hierdie verskynsel word ook aangedui deur die volgende tabel wat die aantal wingerdstokke in duisend-
talle aantoon:

	1927	1933	1935	Vermeer- dering.	Persentasie vermeerdering.
Worcester :	15,955	23,636	25,813	9,853	61.8
Montagu Robertson :	12,394	22,948	22,806	10,411	84
Paarl :	19,163	20,375	21,338	2,174	11.4
Stellenbosch :	11,381	14,662	16,434	5,053	44.4

In 1940 het die aantal wingerdstokke vermeerder tot :
Worcester (31,910,000), Robertson (sonder Montagu 17,917,600),
Paarl (23,369,100), Stellenbosch (22,504,000).

Die grootste uitbreiding na 1924 het plaasgevind in die Robertson distrik. Van 1924-1940, soos in die tabel aangetoon,

was daar 'n persentasie vermeerdering in die wynproduksie van 573.7%. Hierdie verbasende uitbreiding is toe te skrywe aan die Brandvlei-besproeiingskema wat in 1926 in werking getree het. Voor die tyd was volstruisboerdery en brougars die hoofboerdery-bedrywe in die Robertson distrik. Vandag is wynbou verreweg die belangrikste bedryf. Die volgende tabel van inkomste van die Robertson distrik toon aan hoeveel belangriker wynbou is as die ander bedrywe.

Inkomste van Robertson distrik vir 1943:-

Wynbou	: £287,000
Ander vrugte	: £ 22,000
Eiers en Fluimvee	: £ 15,000
Gars	: £ 14,000
Melk, botter en kaas	: £ 34,000
Lewende hawe	: £ 10,000
Sweepstokke	: £ 3,000
Allerlei	: £ 10,000

Totaal £395,000

Wynbou maak dus 72.6% van die totale inkomste uit. Hierdie persentasie is te hoog, dit maak die distrik afhanklik van een bedryf. Daar moet meer aandag aan ander bedrywe gegee word. Die landboudepartement wend alle pogings aan om die suiwelboerdery uit te brei. In die afgelope paar jaar is daar ook uitbreiding in hierdie bedryf.

Dit is dus duidelik watter groot invloed besproeiing in hierdie distrik gehad het. Die opgaardam is 'n paar myl van Worcester geleë op bepaalde tye word die sluise van die dam

oopgetrek en die water stroom in die Breërivier of deur die Robertson distrik. Die Breërivier word dus as besproeiingskanaal gebruik. Die boere kry die water uit die rivier deur middel van elektriese pompe of dwarsvalle. Die besproeiingswater word gebruik tot by Drew, 12 myl binne die grens van die Swellendam distrik. Die sytakke van die Breërivier word ook vir besproeiing gebruik; verder is daar honderde reënwaterdamme. Die meeste wingerde is gevolglik langs die Breërivier en sy sytakke geleë. In 1937 was daar 9498 morges grond onder besproeiing in die Robertson distrik. Hiervan was 4337 morges onder wingerd en 564 morges onder boorge. In 1926 was die oppervlakte grond onder wingerd 1796 morges.

Die druive van die Robertson distrik maak uitstekende soetwyn en hierdie distrik verower jaarliks die pryse vir die beste soetwyn op die Paarlse tentoonstellings. Robertson produseer meer soetwyn as Worcester. In 1940 het Robertson 4108 lêers soetwyn geproduseer, teenoor 3508 lêers vir Worcester.

In 1924 was die wynproduksie van die Worcester distrik 2,0088 lêer, terwyl Robertson in daardie jaar nog maar 8,533 lêer geproduseer het.

Die wingerde in die omgewing van Roussonville het nie almal besproeiingswater nodig nie; daar is hier nog baie kans vir aanplanting. In 1940 is verdere aanplanting van wingerdstokke egter belet, om die surplus nie te vergroot nie. Hierdie

bepierking veroorsaak ontevredeheid onder die wynboere, veral in distrikte soos Worcester en Robertson waar die wingerdbedryf die hoofbedryf is.

Die wingerde in die Hexriviervallei word almal besproei. Die wingerde kry tussen Desember en April elke 14 dae water. Die water kom uit boorgate en bergfonteine. Die elektrisiteit vir die pompe kom direk uit Kaapstad. Die wingerde in die omgewing van Worcester word uit boorgate en takriviere van die Breërivier besproei. In 1937 was die oppervlakte grond onder besproeiing in die Worcester distrik 12007 morges. Hiervan is 7922 morges onder wingerd.

Worcester produseer baie meer Stookwyn en Droeëwyn as Robertson. Vir 1940 was die produksie in lëers die volgende:

<u>Stookwyn.</u>	<u>Droeëwyn.</u>
Worcester: 54,335	Worcester : 2,855.
Robertson: 39,745	Robertson : 1,811.

Die Hexriviervallei produseer hoofsaaklik tafeldruie. Constantia en die Paarl het in die verlede die meeste tafeldruie geproduseer, maar in die afgelope 4 of 5 jaar het hierdie vallei die eerste plek ingeneem. Die hoofrede hiervoor is dat die druieseisoen in die Hexriviervallei baie langer duur as op ander plekke. Die seisoen duur lank omdat die Winterreën so laat val. Selfs tot in Mei en Junie word hier nog druie gepluk.

Aanvraag vir tafeldruie op die binnelandse mark is gering.

Die Sagtevrugteraad wend nou pogings aan om die afset in die binneland te verbeter. Johannesburg en Kaapstad is die belangrikste binnelandse markte.

Voor die oorlog is 'n groot gedeelte van die oes uitgevoer. Die prys van uitvoerdruive op die buitelandse mark is besonder hoog, 10 lb kassies het al tot £1. behaal. Die druive wat op die binnelandse mark verkoop word, hoef aan geen standaard te voldoen nie, gevolglik word daar soms swak produkte aangebied wat lae pryse behaal. Oor die uitvoerdruive is daar 'n streng kontrole. Die druive word by die dokke deur regeringsamptenare ondersoek en dit moet aan 'n sekere standaard voldoen voordat dit uitgevoer mag word. Hierdeur word die goeie naam van ons land se tafeldruive gehandhaaf. Terselfdertyd word die produsente aangespoor om druive van 'n hoë kwaliteit te produseer.

Hierdie vertakking van die wingerdbedryf staan nie onder beheer van die K.W.V. nie. Gewoonlik sluit die boere kontrakte met agentskappe wat die bemarking onderneem. Soms word die oes vooraf aan die agentskappe verkoop; in sommige gevalle word 'n voorskot aan die boer gegee om die bemarkingskoste te dek. Ko-operatiewe bemarking behoort ook in hierdie bedryf aangemoedig te word, daardeur sal beter verpakking, bemarking en distribusie op die markte moontlik gemaak word.

Die boere in die vallei het baie moeite en onkoste met die bestryding van die witluisplaag. As hierdie luis in gewone wyndruive teenwoordig is, maak dit nie soveel saak nie. Die

tafeldruive word gewoonlik onder selle gegas met Blouguurgas.

DIE VRUGTEBEDRYF:-

Die geskiedkundige ontwikkeling van die vrugtebedryf is behandel onder die verhandeling oor Ceres. Die waarde van uitvoervrugte het toegeneem van £41,236 in 1908-14 tot £2,750,000 in 1938.

Net soos vir die wingerdbedryf is die Middellandse See klimaat van hierdie distrikte baie geskik vir sagtevrugte. Die winters is bietjie te warm en in hierdie opsig is Ceres se klimaat beter. In Robertson waar daar meer Sommerreën val, word meer Sitrusvrugte gekweek as in die Worcester distrik. Gebrek aan besproeiings-water is hier ook die beperkende faktor.

Die meeste wynboere het ook boerde. Die wingerdbedryf is egter meesal die hoofbedryf. Die veeteeltbedryf as geheel lewer 'n groter inkomste as die vrugtebedryf.

Die volgende tabel toon aan die aantal draende vrugtebome vir 1926 en 1937.

	<u>Worcester.</u>		<u>Robertson.</u>	
	<u>1926</u>	<u>1937</u>	<u>1926</u>	<u>1937</u>
Appels	17,250	34,327	5,720	10,018
Perskes	-	115,447	-	22,344
Peer	51,580	61,085	1,850	5,422
Appelkoes	46,790	100,025	47,510	33,685
Pruim	8,350	6,197	6,410	1,204
Proen	31,890	34,499	63,740	12,470
Vy	6,120	6,189	3,780	3,572
Lemoen	3,990	3,001	4,140	11,964

Die totale aantal draende vrugtebome (perskes uitgesluit) in Worcester vir 1926 was 165,970 en vir 1937 was dit 245,323. Daar vind dus geleidelike uitbreiding plaas. Die aantal Appelkoosbome het veral baie vermeerder, van 46,790 tot 100,125. In die buurdistrikte Paarl en Wellington is die Appelkoosbome ook in die meerderheid. Wellington het byna vyfkeer soveel Appelkoosbome as Worcester.

Die totale aantal draende vrugtebome in die Robertson distrik het verminder van 133,150 bome tot 78,335. Na 1924 is meer aandag bestee aan die wingerdbedryf in hierdie distrik. Daar is wel 'n vermeerdering in die aantal appel-,peer en lemoenbome.

Worcester het in 1930 2236 morge onder boorde gehad, Robertson 775 morge. Ceres, die grootste produsent van Sagtevrugte het in dieselfde jaar 4065 morge onder boorde gehad.

Die vernaamste mark vir sagtevrugte is die buiteland. Verkoeling speel natuurlik 'n belangrike rol oor so 'n groot afstand van vervoer. Op die treine is nog nie koelkamers vir vrugte beskikbaar nie, maar sodra die vrugte in Kaapstad aankom, word dit na koelkamers geneem waar dit bly totdat daar skeepsruimte vir uitvoer beskikbaar is. Die meeste sagtevrugte word vervoer in die koelkamers van die Skepe van die Union-Castle-Skeepsvaartmaatskappy. Die grootste buitelandse mark is Engeland. Wes Kaapland het die voordeel dat sy vrugteseisoen saamval met die Europese Winter.

Daar bestaan 'n aantal vrugte-ko-operasies. Hulle is

verteenwoordig in 'n Federale Sagtevrugtebeurs. Hierdie liggaam kontroleer die vervoer na die buiteland asook die bemerking van die vrugte. In 1939 is die Sagte-Vrugteraad deur die regering in die lewe geroep. Die raad moet verligting bring aan die noodtoestand wat ontstaan het met die uitbreek van die oorlog. Die oorlog het grootskaalse vrugte-uitvoer stopgesit. Die funksies van die raad word bespreek in die beskrywing oor Ceres. Die raad het eers beheer gekry oor die peer en die pruim, maar het in 1943 ook volle beheer gekry oor die perskes en oor tafeldruiwe. Die Sagte-Vrugteraad doen aan die hand dat vanaf hierdie seisoen meer druiwe as tafeldruiwe verkoop word om sodoende die surplus waarmee die K.W.V. te doen het, te verminder. Waar daar verlede jaar 24,000 ton tafeldruiwe verkoop is en 21,000 ton na die kelders gegaan het, doen die raad aan die hand dat die verhouding na 30,000 tot 15,000 verander word.

Die volgende tabel toon aan die aantal ponde droëvrugte geproduseer in die twee distrikte in 1926 en 1937:-

	<u>Worcester.</u>		<u>Robertson</u>	
	<u>1926</u>	<u>1937</u>	<u>1926</u>	<u>1937</u>
Rosyne	3,947,200	6,806,239	474,400	770,733
Sultanas	979,300	2,137,780	1,580,100	2,249,242
Perskes	83,200	143,338	57,700	4,200
Appelkose	105,500	179,379	78,700	62,850
Pruime & Ruimedante.	157,600	210,928	332,100	49,100
Appels	36,100	17,404	3,500	300
Pere	39,800	6,316	2,200	-
Vye	26,000	29,618	5,400	24,800

Die Worcester/^{distrik}produseer baie meer droë-vrugte as Robertson en daar is 'n groter uitbreiding van die droë-vrugtebedryf in Worcester. Behalwe Rosyne, Sultanas en Vye het Robertson veel minder droë-vrugte in 1937 geproduseer as in 1926.

Sedert die uitbreek, van die oorlog in 1939 het die produksie van droë-vrugte baie toegeneem. Die Sagte-vrugteraad moedig, hierdie bedryf aan. Die raad belê kapitaal in ontwateringsapparate wat 'n beter produk lewer as die gewone sondoog.

Die meeste vrugte word deur die Suid-Afrikaanse Droë-vrugtemaatskappy gedroog op Worcester. Die S.A.D. gradeer die vrugte en betaal volgens die graad van die vrugte. Dit spoor die boer aan om 'n produk van hoë kwaliteit te produseer. Verder beoog die S.A.D. om 'n stabiele prys te betaal afgesien van markskommelinge. Dit doen die privaat maatskappye nie.

GRAANBOU:

BROUGARS:

Brougars is die belangrikste graansoort in die Worcester en Robertson distrikte. Die Brougarsbedryf en volstruisbedryf was die hoofbedrywe in die Robertson distrik, voordat besproeiing op groot skaal toegepas is. Die volgende tabel toon aan die aantal sakke brougars geproduseer in die twee distrikte:-

<u>Worcester.</u>			<u>Robertson.</u>		
<u>1926</u>	<u>1937</u>	<u>1939</u>	<u>1926</u>	<u>1937</u>	<u>1939</u>
14,378	22,837	30,785	25,185	29,881	33,021

Daar is dus 'n geleidelike uitbreiding in hierdie bedryf. Slegs die graandistrikte Swellendam, Caledon, Bredasdorp en Malmesbury produseer meer.

In die Worcester distrik word die meeste gars gekweek in die droë deel wat aan Robertson grens. Die grond is hier brak en gars is meer bestand daarteen as ander gewasse. In beide distrikte word die gars onder besproeiing gekweek. Die produksiekoste is dus hoog. Gars behaal egter 'n goeie prys. Die garsoes is vroeër as die wingerdoes en na die garsoes word die water vir die wingerd gebruik.

Die gars word aan brouerye verkoop. Die boer en brouer sluit 'n kontrak wat vyf jaar geldig is. Gedurende die vyf jaar bly die pryse konstant. Die gars word gradeer en daar is 'n taanlike verskil in pryse wat vir die verskillende grade betaal word. Die boer is alleen verantwoordelik vir vervoerkoste tot by die naaste stasie.

Organisasie onder die brougarsboere is maar swak. Daar is 'n Garsraad bestaande uit twee verteenwoordigers om elk van die volgende brougarsproduseerde streke : Robertson, Worcester, Montagu, Barrydale en Ladismith. Die Garsraad onderhandel

met die brouers i. s. pryse. Die raad bestaan egter meer in naam as in daad. Die staat beskerm Suid-Afrikaanse gars deur 'n hoë invoertarief op ingevoerde moutgars.

Hawer is die tweede belangrikste graansoort en daarna koring. In albei hierdie graanbedrywe is daar egter 'n afname in produksie.

Die volgende tabel toon aan die produksie in sakke vir 1926 en 1939:

	<u>Worcester.</u>		<u>Robertson.</u>	
	<u>1926.</u>	<u>1939.</u>	<u>1926.</u>	<u>1939.</u>
Hawer	18,968	15,902	13,219	9,578
Koring	5,576	3,878	6,849	4,927

In die Karoodeel Touwsrivier word koring op kleinskaal gekweek. Sommige jare word mooi oeste ingesamel. Die reën is egter baie wisselvallig en soms is daar vir jare geen oeste nie.

Lusern word op grootskaal gekweek in beide distrikte. Die oppervlakte grond onder lusern was in 1939 in die Worcester en Robertson distrikte resp. 1,157 en 2,945 morges. Die lusern dien hoofsaaklik as veevoer.

DIE VEETEELTBEDRYF:

Baie boere lê hulle toe op 'n te onsydige wingerdbedryf en teenlae in hierdie bedryf sal gevolglik 'n ramp vir hierdie boere wees. Vandag reeds mag geen nuwe stokke aangeplant word

nie. Die ekonomiese redding lê in die uitbreiding van die veestapel, veral van suiwelboerdery. Die Nestle's melkfabriek op Robertson en die Rooikrans-roomfabriek op Worcester bied 'n uitstekende mark vir suiwelprodukte.

In die afgelope paar jaar is daar 'n merkbare uitbreiding in die veestapel. Worcester is in 1938 tot beesverbeteringsgebied verklaar en Robertson in 1942. Subsidies word gegee vir die teel van goedgekeurde bulle. 'n Groter veestapel sal ook meer misstowwe vir die wingerde beskikbaar stel. Misstowwe is vandag baie skaars.

Voordat grootskaalse pogings aangewend word om die veestapel te verbeter en uit te brei behoort die weiding eers verbeter te word. A.g.v. oorbeweiing en veldbrand het die Renosterbos groot dele van die veld in die twee distrikte ingeneem. Hierdie nuttelose bossie kan uitgeroel word deur dit gereeld af te brand en die veld te laat rus, sodat die gras weer 'n kans kan kry om te groei. Die vee moet dus 'n geruime tyd van die veld weggehou word en hierdie metode is nie altyd prakties uitvoerbaar nie.

Lusern word meer aangeplant vir veevoer. Daar is gevalle waar swak wingerde uitgeploeg word en lusern aangeplant word. Daar word nou begin met die maak van kuilvoer; veral mielies word gebruik. Die mielies bly groen in die winter en behou hulle sap. In die droë seisoen word dit saam met hooi

gevoer vir die beeste.

In 1939 was daar 7,999 beeste in die Worcester distrik en 4,459 beeste in die Robertson distrik. Die veldbeeste is hoofsaaklik Friese en Jerseys. Sommige boere in die Worcester distrik lê hulle toe op die teel van Afrikanerbeeste.

Wolskape en nie-wolskape word aangehou. Die meeste wynboere het 'n klompie skaap. Die aantal wolskape neem af terwyl daar 'n vinnige toename is in die aantal nie-wolskape. Vandag het Robertson en Worcester byna net soveel nie-wolskape as Ceres, Swellendam en Riversdale alhoewel die getal wolskape veel kleiner is.

Die volgende tabel toon aan die aantal wolskape en nie-wolskape:

	<u>Worcester</u>			<u>Robertson</u>		
	<u>1926</u>	<u>1937</u>	<u>1939</u>	<u>1926</u>	<u>1937</u>	<u>1939</u>
Wolskape	52,090	52,774	39,042	19,459	12,927	7,031
Nie-wolskape	2,252	11,559	19,062	749	4,671	9,458

In die afgelope paar jaar is begin met die teel van vetlamers. Hulle aard veral goed op lusern.

In die Karoodeel van die Worcester distrik is ekstensiewe skaapboerdery die hoofbedryf. Sommige boere in ander dele van die distrik het Karooplase waarheen die vee gestuur word as die veld in die Karoo goed is.

Bokke word veral in die bergagtige dele aangehou. Die

aantal neem geleidelik toe. In 1939 was daar 14,041 bokke in die Worcester distrik en 20,443 in Robertson. Die meeste bokke is boerbokke.

In 1937 was die aantal perde en mulle in die distrikte die volgende:-

	<u>Worcester:</u>	<u>Robertson:</u>
<u>Perde</u>	1,451	1,392
<u>Mulle</u>	1,696	1,293

'n Paar boere is beroemde perdetelers. Veral Hoekneys, Percheons en Clydesdales word geteel. Mulle word van ander dele van die land ingevoer.

Vir wingerdwerk word meesal perde en mulle gebruik. Vir graanbou gebruik sommige boere trekkers, maar vir skoffelwerk tussen die wingerdrye is trekkers nie bruikbaar nie. Osse word byna nêrens in die distrikte as trekdiere gebruik nie.

Sommige boere kweek groente op grootskaal. Robertson het in 1937 geproduseer: 6,366 sakke aartappels, 11,960 sakke patats, 280 sakke ertjies en 840 sakke bone. Worcester het in dieselfde jaar geproduseer 4,537 sakke aartappels, 18,636 sakke patats, 330 sakke ertjies en 98 sakke bone. In die afgelope paar jaar lê die boere hulle veral toe op die kweek van aartappels, veral saadaartappels. Die groente van die Robertson distrik gaan hoofsaaklik na die Ashton-inmaakfabriek naby Robertson. 'n

Deel van die groente van Worcester word na die Kaapse mark gestuur.

Bergbrande kom dikwels voor in die Worcester distrik. Sodra die Somer begin brand die boere hulle bergveld of om, soos hulle beweër, jong gras te kry vir die vee. In werklikheid gaan daar maar min vee die berge in. Die meeste boere begin insien dat bergbrand skadelik is, nie alleen omdat dit die fyner tipe gras vernietig nie, maar dit bevorder ook gronderosie. Veldbrand kan onder sommige omstandighede goed wees, maar dan moet daar oordeelkundig te werk gegaan word.

Arbeidskaarste is 'n groot probleem in die twee distrikte, veral met parstyd. Baie kleurlingerbeiders het aangesluit. Die Italiaanse krygsgevangenes het tot 'n mate verligting gebring.

Wat betref die wenslikheid om distansies te verkort is daar hier 'n sterk aanbeveling te maak. Daar behoort 'n spoorwegverbinding tussen Caledon en Worcester, oor Villiersdorp te wees. In hierdie streek word baie druiwe, vrugte en graan geproduseer. Vandag word die produkte hoofsaaklik deur spoorwegbuste na die naaste spoorwegstasie vervoer, 'n treindiens is egter baie meer doeltreffend.

DIE DORP SWELLENDAM.

SWELLENDAM.DIE LIGGING VAN SWELLENDAM.

Swellendam is geleë aan die spoorlyn tussen Worcester en Mosselbaai. Die afstand per spoor na Kaapstad is 196 myl en na Worcester 126 myl. Die dorp is geleë aan die voet van die Langeberge in die vallei van die Koringlandsrivier. (X)

Die loop van die rivier het die ligging van die eerste opgemete erwe bepaal. Die ou verkeersweg, tans Voortrekweg, loop net bokant die Koringlandsrivier. Van hierdie weg is daar 'n vinnige styging van die grond teen die hang van die vallei op. Na die rivier is daar 'n geleidelike daling en van die rivier weer 'n geleidelike styging teen die ander kant van die vallei. Nadat 'n mens uit Voortrekweg die Koringlandsrivier by die „steg“ oorgesteek het, ry jy nog 'n paar honderd tree met Swellingrebelstraat en dan is jy bo-op die bult en op die pad na Riversdale. ✓

DIE STIGTING VAN SWELLENDAM.

Aan die begin van die 18^eeeu het die eerste veeboere die latere Kolonie Swellendam ingetrek. Baron van Imhoff het op 12 November 1743 op Swellendam 'n sub-drostdy opgerig om 'n wakende oog te hou oor die boere in die „Colonie in de verre afgelegene districten.“ Op 26 Oktober 1747 besluit die Politieke Raad om die nuwe kolonie die naam Swellendam te gee ter ere van die goewerneur Swellingrebel en sy vrou Mej. Ten Damme. Eers in (X)

1750 sou begin word met die aanlê van die dorp.

Die drostdy is aangedui op die funksionele kaart met groen. Dis geleë aan die bo-ent van Swellengrebelstraat. Die grond van die drostdy tot aan die rivier was die koringlande van die drostdy, vandaar die naam Koringlandsrivier. Die geboue aan die anderkant van Swellengrebelstraat wat as 'n hospitaal en geslote blanke bebouing op die kaart aangegee is, was die ou H.O.I.K. polisie kantoor en gevangenis. Agter die gevangenis is galgkop waar die teregstellings in die openbaar plaasgevind het. In 1938 is die drostdy tot nasionale monument verklaar en vir £2000 aangekoop.

Drostdy
X

Die Swellendamse Kommandos het beroemdheid verwerf in verskillende Kafferoorloë. In 1795 kom die Swellendammers in opstand teen die regering aan die Kaap en op 17 Junie 1795 word 'n onafhanklike republiek onder Hermanus Steyn in die lewe geroep. Op 4 November 1795 word die Kaapse bewind nogeens erken.

X

Op 23 Junie 1843 erken Sir George Napier, goewerneur aan die Kaap, die regulasies vir die oprigting van 'n munisipaliteit vir Swellendam. Die dorpsgrond was die uitvalstrook tussen die leningsplase en die Langeberge, kroonland wat aan die H.O.I.K. behoort het in die dae van die Hollandse bewind.

X

DIE GROEI EN ONTWIKKELING VAN DIE DORP:

Netsoos die inwoners van die drostdy, het die eerste dorpenaars hulle tuine aangelê langs die Koringlandsrivier, waaruit hulle die

13
≡

tuine natgelei het. Die huise is gebou langs die verkeersweg, tans Voortrekweg. Baie van hierdie ou rietdakhuise is vandag \times nog te sien. Die eerste erwe is in 1750 opgemeet. Van die groot verkeersweg het die dorpie langamerhand uitgebrei na albei kante maar veral teen die bult op. Sommige van die nou straatjies \times wat uit Voortrekweg loop, dateer uit hierdie tyd en is 'n bewys van die slegte grond-opmeting van daardie tyd. Die erwe is ook na willekeur opgemeet, sonder bepaalde skema; van netjies reghoekige erwe is daar geen sprake nie. Die vinnige styging van die grond vanaf Voortrekstraat veroorsaak verspoelings met harde reën en storms. Die funksionele kaart toon aan dat die meeste voorbeelde van geslote blanke bebouing voorkom naby Voortrekweg, veral in die sentrale deel van die dorp.

Aan die anderkant van Swellengrebelstraat as wat die \times drestyd geleë is, is geleë die deel van die dorp bekend as Newtown. Sommige van die eerste inwoners het hulle hier gevestig, veral die kleurlinge.

In 1885 is die eerste stadsaal gebou, maar met die uitbreiding van die dorp moes dit in 1930 vergroot word. Die „New Cape Central Railway“ is in 1899 tot by Swellendam gelê. Die $\textcircled{18}$ spoorweg het vinniger voortuitgang meegebring. N.C.C. R.

'n Sentrale waterskema het nog altyd ontbreek. Water vir huishoudelike gebruik is nog altyd uit die rivier en waterslote geskep. In 1904 is toe 'n skema by Kolonies- en Duiwelsbos \times begin. Vierduim-pype is aangelê dorp-toe. Die eerste gaslampe

vir die verligting van die strate is in 1914 ingestel.

Dit het met verloop van tyd nodig geword dat ruimer voorsiening vir water gemaak moes word. In 1930 is die Hermitage en Grootkloofdam-waterwerke opgerig. Uit die berg is 18" pype aangelê na die Grootkloofdam wat 17,000,000 gellings water kan bevat. Uit hierdie dam gaan die water in 6" pype dorp-toe.

Soos op die funksionele kaart aangetoon is, is daar groot oop stukke grond in die dorp waarop geen bebouing is nie. Hierdie grond word deur die eienaars vir tuinbou gebruik. Die inwoners produseer baie groente en in die Somer is groente spotkoop. Groot dele van die oopgrond staan onder graangewasse soos hawer en gars. Die graan dien hoofsaaklik as voer vir die melkbeeste. Boorde en wingerde kom op kleiner skaal voor.

Om die dorp van leiwater te voorsien het die munisipaliteit van Swellendam sewe besproeiingsdamme laat bou. Vier hiervan is in die afgelope 30 jaar opgerig.

Die nuwe Grootkloofdam-waterwerke het £10,000 gekos. Om hierdie koste te dek is 'n deel van die meent vir £6000 verkoop. Swellendam se groot meent strek aan twee kante van die dorp nl. aan die Stasiekant en die teenoorgestelde kant. Die dele wat grens aan die dorp word verhuur as weiveld en daar word jaarliks ± £250 weifooie ingesamel.

In Newton woon die kleurlinge en blankes deurmekaar. Die segregasie tussen blank en gekleurd hier is die slegste waarmee

ek te doen gekry het. Hierdie toestand van deurmekaarwoon kan op albei kaarte van die dorp gesien word. Die kleurlinge het die grond gekoop toe dit nog goedkoop was in die eerste jare van Swellendam se bestaan. Blankes het hulle ook hier gevestig in daardie dae. In die afgelope jare kom die grond meer en meer in die hande van blankes. Die oordra van die grondregte is 'n langsame taak en dit sal nog baie jare duur voordat hierdie wyk 'n suiwer blanke woonwyk is. Die kleurlinge wat hier wegtrek, trek na die kleurlingwyk.

Die kleurlingwyk bekend as Oosdorp strek vanaf die stasie al langs die Koringlandrivier op. Die grond is meeste blanke eiendom wat deur die kleurlinge gehuur word. Langs die rivier, op die vrugbare donker grond, het hulle tuintjies aangelê waar hoofsaaklik groente gekweek word. Die huisies is verspreid oor 'n groot oppervlakte en die area is hoofsaaklik as ope bebouing aangedui. Langs stasiestraat tot by Voortrekstraat woon die kleurlinge digter. Die huisies is klein en bouvallig en die lae ligging langs die rivier maak die lewenstoestand nog meer ongesond, veral in die reënseisoen wanneer dit baie nat is in hierdie area. In hierdie kleurlingwyk is daar nog baie kans vir kleurling-uitbreiding. ×

Die munisipaliteit het in later jare erwe laat opmeet aan die anderkant van die stasie, bo-op die bult. Hierdie area, bekend as Railtown is uitsluitlik vir nie-blankes bedoel. Die area is goed opgemeet in reghoekige blokke en strate. Die ligging ×

is gesonder as langs die rivier. Vier jaar gelede het die munisipaliteit hier 12 kleurlinghuise gebou teen 'n koste van £1200. Kleurlingbebouing word aangemoedig in hierdie wyk. Grond word goedkoper verkoop nl. teen £7. 10. 0. per erf. Die voorwaarde is dat die erf binne drie jaar bebou moet wees. Railtwon is egter te hoog geleë vir leiwater van die bestaande damme. Die wyk is nog dun bewoon.

Waar die tweetakke van die Koringlandarivier ineenstroom anderkant die steg, staan 'n aantal kleurlinghuisies dig op mekaar. Hulle is goed gesegregeer. Behalwe in Newton, is segregasie op Swellendam met sukses toegepas. Slegs op enkele plekke in die blanke woonwyke word kleurlinge gevind, sommige van hulle werksaam in besighede.

Verder as Oosdorp langs die Koringlandarivier is al die grond oop, en word grotendeels gebruik vir wingerdbou en graanbou. Die plaas van Mnr. Human is geleë tussen die rivier en Voortrekweg. Aan weerskante van die dorp bokant Voortrekweg is groot oop stukke grond. Dis twee plase wat hoofsaaklik vir graanbou en wingerdbou gebruik word. In hierdie oop dele is alleen die grond langs Voortrekweg bebou deur blankes. Op plekke kom digte en selfs geslote bebouing voor. As ons na hierdie deel op die kaart kyk, word dit weer duidelik watter groot rol die ou verkeers-
weg hier gespeel het in die aanleg van die dorp. (PB)

Die area van jongste blanke uitbreiding is geleë bokant Voortrekstraat teen die steil bult. Die blokke is meeste reg- *

hoekig en die strate is breër as in die oudorp. Die erwe is in 1908 opgemeet en verkoop. Die area is dun bewoon en daar is nog baie ruimte vir bebouing. Dit is die beste blanke woonbuurt. Kleurlinge mag nie hier woon nie en besighede mag nie hier opgerig word nie. Alle erwe in dié wyk kry leiwater. Die skuinsligging is gunstig vir dreinerings. Die skole vir blankes is sentraal geleë vir hierdie wyk. Ons vind ook resente blanke uitbreiding langs die rivier. Tuingrond is hier vrugbaar maar die ligging is minder gesond. Volgens die 1936 Sensusopname is daar 2,078 blankes en 1,683 nie-blankes in Swellendam woonagtig.

Die klimaat is in die Winter baie nat en definitief sleg vir lyers aan borskwale soos asma. Maagkoors kom min voor, die laaste twintig jaar was daar nie een geval nie. Die geboortesyfer vir 1942 was 41 blankes en 57 nie-blankes. Die sterftesyfer onder die kleurlinge is veel hoër as onder die blankes; vir 1942 56 kleurlinge en 17 blankes. Vir dieselfde jaar was daar geen teringevalle onder die blankes nie, terwyl onder die kleurlinge daar 7 gevalle was.¹⁰ Die hospitaal vir aansteeklike siektes is geleë teen die bult, 1½ myl N.W. van die dorp. Dit is in 1942 voltooi teen die koste van £1600.

Die oorlog het die boubedryf baie gestrem. In 1939 is 8 bouplanne vir blanke woonhuise goedgekeur, in 1940 vir 4 woonhuise

1) Verslag van die gesondheidsinspekteur.

en in 1942 vir 3 woonhuise. Tot Junie 1943 is geen bouplanne goedgekeur nie.

In 1942 is by die slagpale geslag 6343 bokke, skape en lammers, 294 beeste, 49 kalwers en 592 varke. Voor die uitbreek van die oorlog was daar 5 slaghuise; vandag net een. In 1942 was daar nog 8 melkerye op Swellendam, vandag net 4.

In 1928 is die stelsel van gaslampe deur elektrisiteit vervang. A.g.v. die slytasie van die masjiene in die Kragstasie, is in 1941 drie masjiene teen £4500 aangekoop. In 1928 is begin met bosbou langs die hellings van die Langeberge. In hierdie tyd is ook die Marloth-veldblommereserwe begin. Hierdeur is die omgewing verfraai. Voortrekkpark naby die „steg“ is in 1930 uitgelê met die hulp van die kunstenaar Hugo Naudé. Vanaf 1933 is £10,000 gespandeer aan die teer van die hoofstraat. Die ander strate is van harde gruis en in goeie toestand. Die waarde van belasbare eiendom in Swellendam is £345,647. Die beraamde uitgawes en inkomstes van die munisipaliteit in 1943 was = £10,000: 'n Paar belangrike items op hierdie lys van uitgawes en inkomstes is: Drinkwater (£265), Leiwater (£390), waterlenings (£642), stadsaal en geboue (£300), meent speelgronde en parke (£300), publieke gesondheid (£350), abbatoir (£265), openbare werke (£2025).

Die besigheidsdeel is in die sentrum van die dorp geleë, sentraal vir die blankes. Die meeste winkelgeboue is groot en

modern. In die woonwyke, blank en gekleurd is geen besighede nie. Die sportsgronde, bekend as die „parade“ is heeltemal × sentraal geleë langs die rivier.

Die Swellendamse Gemeente van die N.G. Kerk is in 1798 gestig. In die afgelope jare is verskillende kerkgeboue in die buitewyke opgerig en tans word daar gereeld dienste gehou op Malagas, Hornsvlei, Zuurbraak, Buffelsjagt en Spaarbak. Die kleiner gemeente van die Engelsekerk het sy gebou ook in Vooortrekstraat. In 1923 is die hoërskool-gebou voltooi en vyf jaar later is die twee skole onder twee aparte hoofde geskei.

DIE NYWERHEDE VAN SWELLENDAM.

Swellendam het baie min nywerhede. Die munisipaliteit × voorsien die elektrisiteit vir die nywerhede. Die masjiene in die kragstasie word met olie gedryf, die „val“ van die water in die berg is te klein om 'n „turbine“ te werk. In die omgewing van die kragstasie, naby die spoorwegstasie, is baie oop grond wat vir die oprigting van nywerhede gebruik kan word. Die area is naby die kleurlingwyk en die kragstasie.

Twee jaar gelede is 'n saagneule op Swellendam opgerig. × Die meule is geleë naby die rivier. Die meule vervaardig hoofsaaklik vrugtekissies. Die meeste van die kissies gaan na die Langeberg-ko-operatiewe fabriek op Ashton. Daar word omtrent 1000 kissies per week gemaak. Hoofsaaklik Dennehout van Groot-

Brakrivier word gebruik. Teen die hange van die berge by Swellendam is omtrent 1,000,000 dennebome aangeplant. Klein getalle van hierdie bome word reeds gesaag. Oor 'n paar jaar sal hierdie plantasies genoeg hout lewer vir 'n groot saagfabriek op Swellendam. (RB)??

Daar bestaan 'n plan om 'n kaasfabriek op Swellendam op te rig. Die produksie van melk in die distrik neem gedurig toe. Die Suiwelraad vereis egter 'n waarborg van 500,000 lb. bottervet per jaar, voordat goedkeuring aan so 'n fabriek gegee word. Om hierdie hoeveelheid bottervet te lewer sal Swellendam die samewerking van die buurdistrikte Heidelberg, Riversdale, en Barrydale moet kry. Elk van hierdie plekke sal graag die fabriek op eie grond wil hê. X

Die elektriese drukpers van „Heeltzers" staan in Vortrekweg. Die pers is tien jaar gelede opgerig. Die meeste drukwerk is vrugtekissies-ettikette. Die werk word selfs vir boere in ander provinsies gedoen. Al die plaaslike drukwerk: skryfblokke, winkelier-rekenboeke ens. Sedert die uitbreek van die oorlog het die aanvraag na drukwerk groter geword, daar bestaan blykbaar 'n vrees dat papier nie meer verkry sal kan word nie. Papier is vandag baie skaars en is 100% duurder as voor die oorlog. X

DIE DORP RIVERSDALE

RIVERSDALE:DIE LIGGING VAN RIVERSDALE.

Riversdale is geleë 17⁴ /^{myl} reg Oos van Worcester en 62 myl ten Weste van Mosselbaai. Mosselbaai is nie naaste hawe.

Die dorp is geleë aan die voet van die Langeberge in die vallei van die Vetrivier. Die dorp strek van 'n paar honderd tree van die Vetrivier tot byna bo-op die hang van die vallei. Hierdie skuinsligging is goed vir dreinerings en vir 'n moontlike rioelstelsel.

DIE STIGTING VAN RIVERSDALE. Die eerste blankes wat hierdie streek, vandag bekend as Riversdale, besoek het, was Hieronymus Cruse en sy geselskap in 1667. Aan die begin van die 18^oeeu is daar 'n ontwikkeling in ekstensiewe skaapboerdery en gaan die uitbreiding na die binneland baie sneller. In 1727 word die eerste veeplassing aangelê in die Riversdale-distrik.

Riversdale het eers deel uitgemaak van die groot en uitgestrekte gemeente van Swellendam. Die paais was sleg en dit was moeilik om die verafgeleë piasse te bedien, met die nagmaal. Die bewoners van Vetrivier en omstreke besluit toe om 'n eie kerk te kry. Die plaas Doornkraal is in Julie 1837 van Hermanus Steyn gekoop as kerkplaas en die woonhuis is as kerk gebruik. Op 30 Augustus 1838 is die dorp Riversdale gestig op die kerkplaas. Die dorp is genoem na die toenmalige siviele kommissaris

van die distrik Swellendam, sy Ed. Harry Rivers wat baie belangstelling getoon het in die stigting. In 1839 word die gemeente Riversdale afgestig van Swellendam. Die gemeente het toe reeds \approx 5000 siele bevat.

DIE ONTWIKKELING EN GROEI VAN RIVERSDALE:-

Die N. G. Kerk het 'n belangrike rol gespeel met die stigting van die dorp. Al die onverkoopte grond in die dorpsgebied behoort vandag nog aan die N. G. Kerk. Die Kerk kry die helfte van die opbrings van grond wat verkoop word. Die munisipaliteit ontvang 'n helfte van die bedrag om sy uitgawes i. v. m. paaie, slote, lig-en watervoorsiening te dek. By die verkoop van grond moet die goedkeuring van beide liggame verkry word.

Die nuwe N.G. Kerk is in 1909 ingewy. Die hoeksteen van die Lutherse Kerk is in 1907 gelê, die van die Engelse Episkopale Kerk reeds in 1856. Laasgenoemde twee kerke bearbei vandag deur kerk en skool die grootste gedeelte van die kleurlinge op Riversdale.

Soos die eerste pastorie en Kerksaal van die N.G. Kerk langs Langstraat gebou is, so is ook die eerste woonhuise langs hierdie straat gebou. Langstraat is die eerste straat ten weste van Vetrivier, ^{wat} die rivier, aan die onderent van die dorp verbyloop. Die eerste inwoners het hulle toegelê op tuinbou en suiwelboerdery en het die erwe wat agter die huise tot aan die

rivier geloop het, gereeld besproei.

In 1875 woon op Riversdale reeds 760 siele en is daar ongeveer 120 woonhuise en 18 hutte.¹⁾ 'n Jaar later kry die dorp sy eie munisipaliteit. In 1882 is die heeleerste waterskema in werking gestel.

Van Langstraat het die dorp uitgebrei in 'n westelike rigting. Toe die spoorlyn tot by Riversdale gelê is in 1903, was daar slegs 'n paar huise oorkant die spoor. Nuwe erwe is nou uitgelê en ons kry 'n verdere ontwikkeling tot 1924. Intussen het daar gedurige uitbreiding plaasgevind, langs Langstraat af. In 1924 is nuwe erwe opgemeet ten Weste van Versveldstraat. Die funksionele kaart toon aan dat die hoeke van die strate in hierdie area nie reghoekig is nie, maar afgerond is.

Hierdie nuwe deel van die dorp is hoër geleë as die res van die dorp en onder die ou waterskema kom die water nie na al die huise/ⁱⁿhierdie area gebring word nie. In 1937 is 'n nuwe waterskema teen die koste van £28,000 gebou. 'n opvangdam is gebou $7\frac{1}{2}$ myl ten noorde van die dorp en vandaar kom die water in 10' pype na die reservoir. Die water is besonder sterk en geen meters word gebruik nie. Die water kan ook vir tuin-
natlei gebruik word.

Die straat wat langs die begrafplaas of in die dorp inloop, is Heidelbergstraat. Noord van hierdie straat en wes van die spoorweg is 'n area wat net as blanke woonbuurte gebruik word. Geen huis van minder as £700 mag hier gebou word nie. Geen

1) Eeufees Album van Riversdale.

besighede mag hier opgerig word nie en geen kleurlinge mag hier woon nie. Daar bestaan geen wet wat kleurlinge verbied om grond tussen blankes in te besit nie, dis slegs 'n munisipale reëling. Die grootte van die erwe in hierdie area is 120' X 180' en die waarde is £150 per erf. Hierdie area is die beste blanke woonbuurt. Die ligging daarvan is die beste in die dorp. Omdat die dorp in 'n vallei aangelê is, is die laagliggende dele naby Vetrivier nat in die reëntyd. Die mis lê nog in die lae dele as die son al skyn bo-op die bult. Uit 'n gesondheids oogpunt is hierdie woonwyk die beste. Die wyk is ook vër van die besighedsdeel en kleurlingwyk geleë. Uitbreiding van hierdie woonwyk sal plaasvind in 'n westelike rigting. So'n uitbreiding sal veroorsaak dat daar 'n reservoir hoër op teen die heuwel gebou moet word. Soos die bevolkingskaart aandui, is die area waar uitbreiding sedert 1924 plaasgevind het, nog maar baie dun bevolk. Die meeste huise staan hier op vyf of meer erwe. In hierdie area word steeds nog nuwe huise gebou en daar kan nog baie huise gebou word. In die orige deel van die dorp kry ons meesal geslote bebouing en tot 'n mindere mate digte bebouing. Veral in die sentrale deel van die dorp is die blokke volgebou. Die erwe kry nie leiwater nie en die tuine is klein. In 1936 was daar 2,166 blankes en 1,991 nie-blankes in Riversdale.

Die uitbreek van die oorlog het boubedrywighede op Rivers-

dale baie beperk. Die volgende tabel toon aan die aantal woonhuise op Riversdale gebou van 1938 - 1942:

1938:	18	blanke	woonhuise	gebou	teen	£11,325
1939:	6	"	"	"	"	£ 1,920
1941:	2	"	"	"	"	£ 600
1942:	1	"	"	"	"	£ 250

Die funksionele en bevolkingskaart toon aan dat daar min nie-blankes tussen die blankes in woon op Riversdale. Die munisipaliteit pas segregasie sover moontlik toe. Langs die onderent van Langstraat is segregasie die swakste. Die rede vir hierdie deurmekaarwoon is dat die eerste nie-blankes, net soos die eerste blankes, langs Langstraat gebou het om waterregte te kry. Die St. Andrew's Kerk besit 'n groot stuk grond van Langstraat tot aan Vetrivier. Die grond word onder die Kerk se toesig deur kleurlinge van die St. Andrew's gemeente bebou.

Die funksionele kaart toon aan dat die meeste kleurling-bebouing van die digte tipe is. Die kleurlinge woon veel minder dig op Riversdale as op Worcester en Robertson. Geen deel van die kleurlingwyk kan as slumarea beskryf word nie. Negentig persent van die huise behoort aan kleurlinge, 'n toestand wat op geeneen van die ander vier dorpe in hierdie tesis behandel, aangetref word nie. Die gesondheidsinspekteur skryf egter in sy jaarlikse rapport dat baie van die huisies bouvallig is, verwaarloos word en dat die gesondheid van die inwoners daaronder ly. Van die blanke behuising op Riversdale skrywe die inspekteur

die volgende: „ In sové die behuising van blankes aangaan kan geen kommentaar gemaak word nie. Elke persoon bewoon 'n huis na sy inkomste en salaris. Baie min huise in die omgewing van die blankes kan as oorbevolk verklaar word. ”

Sterfgevälle onder kleurlinge van onder 5 jaar is baie hoër as by die blankes. Die sterftesyfers kan vergelyk word wat die totale aantal blankes en nie-blankes is byna dieselfde nl.: 1936 blankes 2166; nie-blankes 1991. Die sterftesyfers van blankes en nie-blankes onder 5 jaar.

<u>Blankes</u>		<u>nie-blankes.</u>	
1940	: 4	1940	: 18
1941	: 8	1941	: 31
1942	: 9	1942	: 19
1943	: 4	1943	: 14

Daarenteen is die sterfte- onder kleurlinge van bo 5 jaar min of meer dieselfde as onder die blankes.

	<u>1939</u>	<u>1940</u>	<u>1941</u>	<u>1942</u>	<u>1943</u>
Blankes :	21	27	32	24	15
Nie-blankes :	16	29	33	28	18

Hierdie verhouding van sterfgevälle kom ook op die ander 4 dorpe in hierdie tesis behandel, voor. Op die ander 4 dorpe is die woontoestande onder die Nie-blankes, wat oorbevolking en tipe huise betref, slegter as op Riversdale. Die 2000 nie-blankes van Robertson woon byvoorbeeld op 'n baie kleiner stuk

grond as die 1991 kleurlinge van Riversdale.

Aan beide kaarte van die spoorlyn is daar nog baie ruimte vir uitbreidings van die kleurlingwyk. Die huise bokant of wes van die spoor is in 1923 deur die munisipaliteit gebou. Daarin woon omtrent 62 kleurlingfamilies. Die lewenstoestand hier is gesond alhoewel sommige huise oorbevolk is. Die huise is goed geleë teen die bult wat die oggendson kry en waar dreinerings goed is.

Soos die funksionele kaart aantoon, is die meeste besighede gekonsentreer langs Hoofweg wat uit Langstraat deur die senter van die dorp loop. Reisigers deur die dorp reis met Langstraat en dan met Hoofweg en Heidelbergstraat. Die verkeersweg het ook in die eerste jare van Riversdale se bestaan 'n belangrike rol gespeel in die aanleg van die dorp en langs Hoofweg is van die oudste woonhuise en ander geboue te sien. Die meeste van die besighede is in ou geboue, sommige waarvan eers vir 'n ander doel gebruik is. Besigheid op Riversdale is goed en daar vind gedurig uitbreidings plaas.

As plattelandse dorp het Riversdale nog tot onlangs ware gehad wat lank nie meer in die stede te kry was nie. Agente van elders het egter gou hierdie ware opgekoop. Albertina val in die Riversdale distrik en 'n deel van die distrik gebruik hierdie dorp as kommunikasie- en handelsentrum. Stilbaai, wat slegs 27 myl van Riversdale geleë is, is 'n populêre vakansie-

oord en trek jaarliks tussen 8000-9000 besoekers. Die besoekers reis deur Riversdale en is in meer as een opsig vir die dorp 'n ekonomiese bate. Onlangs is Stilbaai van die Riversdale gemeente afgestig en die plek ontwikkel vinnig tot 'n selfstandige dorp. Tot dusver was Riversdale nog die administrasie-sentrum.

Riversdale het belasbare eiendom ter waarde van £303,765. Die belasting is $3\frac{1}{4}$ d. in die £ op vaste eiendom. Die beraamde uitgawes van die munisipaliteit vir 1943 was £10167. 'n Paar belangrike items op hierdie lys van beraamde uitgawes is die volgende: Abbatoir (£220); straatverligting (£500), parke (£70), meent (£60), vliegpark (£144), aansteeklike siektes (£400), salarisse aan munisipale werkers en amptenare (£970), elektrisiteitsdepartement (£527). Teen die einde van 1942 is die nuwe ligte-skema voltooi teen 'n koste van £14,000.

Alle slagvee moet in die munisipale slagpale geslag word. Die slagpale is onder toesig van die plaaslike gesondheidsinspekteur. Die getal vee geslag by die slagpale vanaf 1941 - 1943 :-

	<u>Skape</u>	<u>Beeste</u>	<u>Varke.</u>
1941:	9215	297	188
1942:	10126	281	119
1943:	9744	277	135

Daar is 4 slaghuise op die dorp. Die melkerye is ook onder toesig van die gesondheidsinspekteur. Die plaaslike regulasies verbied alle ongeregistreerde koelhouers om melk binne die munisipale area te verkoop. Melkjongens word elke ses maande medies

ondersoek. Die gesondheidsinspekteur lê ook besoeke af by die volgende: woonhuise, agterplase, stalle, barbierwinkels, kafees, bakkerie, klinieke die sanitêre kamp.¹⁾

Onderwys op Riversdale : In 1838 is begin met onderwys in die konsistoriekamer van die godsdienstige „ Gesticht“. Die meisieskool is in 1912 voltooi, die seunskool in 1906. In die dorp en distrik is daar 50 skole en ± 1,975 leerlinge. Daar is 10 kleurlingeskool met ± 1000 leerlinge. In 1937 is die „ Gerrit du Plessis “ sekondêre kleurlingskool gebou. Die gebou staan bo-op die bult, wes van die kleurlingwyk. Sowat 25 jaar gelede het die departement van Lande die plaas Oakdale van 1200 morge, waarvan 100 morge onder besproeiing is, gekoop. In 1928 is daar 'n Landbouvakskool gestig. Die skool het 5 afdelings : akkerbou, skape en wol, tuinbou en hoenders, veeteelt en plaasambagte en beteken baie vir hierdie en omliggende distrikte.

Die sportsfasiliteite voorsien heeltemal goed in die behoeftes van die inwoners. Die voetbal en hokkievelde is geleë langs Vetrivier. Daar is drie verskillende tennisbane, 'n crockiebaan en jukseibaan. Die kleurlinge het 'n voetbalveld Oos van hulle woonwyk naby Vetrivier. Daar is 3 hotels en 3 losieshuise vir Blankes.

1) Jaarlikse gesondheidsverslag 1942-'43.

DIE NYWERHEDE OP RIVERSDALE.

Daar is nog te min nywerhede op Riversdale dat ons kan praat van 'n nywerheidstreek. Die twee belangrikste fabrieke, die skoefabrieke is in die senter van die dorp geleë. Daar is baie oop grond naby die kleurlingwyk aan weerskante van die spoorlyn vir nuwe fabrieke. Die fabrieke van Riversdale gebruik elektrisiteit deur die munisipaliteit verskaf teen 'n laer tarief. Die motors van die kragstasie loop op olie. Die „ val " van die water in die berg is te klein om 'n turbine te werk; die val kan egter deur opdamming vergroot word. Die paar fabrieke van die dorp beteken egter baie vir die ontwikkeling van die dorp. Een van die skoefabrieke alleen gee werk aan 46 arbeiders. In hierdie opsig is die spoorwegherstelwerke op Riversdale ook 'n groot ekonomiese bate vir die dorp.

Die Grasveld Skoefabriek is onder oorlogstoestande in 1941 opgerig. Masjienerie is nie verkrygbaar nie en die meeste werk word met die hand gedoen. Die arbeiders is hoofsaaklik blankes. Die fabriek maak hoofsaaklik veldskoene vir boere. Die leer word gelooi deur 'n Kaapstadse looiery. Daar word omtrent 2300 paar skoene per maand gelewer. Die aanvraag is groter as die afset. Die fabriek se ligging op Riversdale is baie sentraal vir die Suid-Westelike Distrikte en die skoene gaan veral na plekke soos Robertson, Swellendam, Bredasdorp, Oudtshoorn en George.

Die „ Rivers Boot Factory " is ouer en meer as twee keer

so groot. Hier word byna alle werk met masjienerie gedoen. Die arbeiders is meeste kleurlinge. Die skoene is ook van 'n growwe tipe maar 'n duurder tipe as wat die ander fabriek vervaardig. Die velle word gelooi in 'n looiery in Langstraat. Die velle kom meesal uit die distrik maar ook uit Transvaal. Die afset is omtrent 350/^{paar} per dag en het sedert die uitbreek van die oorlog toegeneem. Een van die redes vir hierdie toename is dat sommige fabrieke in die land alleen militêre skoene vervaardig.

'n Interessante nywerheid is die van Mnr. van Wyk waar koeldranke, roomys en aartappelkerfies gemaak word. Die roomys word plaaslik verbruik. Die „cones“ en beskuitjies is nie meer verkrygbaar nie en die nywerheid sal binnekort gestop word. Die gehalte kerfies wat vervaardig word is besonder goed en word selfs sover as Johannesburg en Port Elizabeth gestuur. Die aartappels word plaaslik gekoop. Die vetpapier is byna onverkrygbaar en die prys van olie het gestyg van £1. 12. 0. na £4. 0. 6. Koeldranke word plaaslik verkoop. Hier weer is bottels moeilik verkrygbaar. Hierdie nywerheid ly dus baie onder die oorlogstoestande.

DIE DISTRIKTE SWELLENDAM EN RIVERSDAL

DIE DISTRIKTE SWELLENDAM EN RIVERSDALE.

Die twee distrikte word saam bespreek omdat hulle geografies soveel gemeen het. Die grense kan naasteby as 20° Oos en $21^{\circ}54'$ Oos, $33^{\circ}49'$ S.B. en $34^{\circ}29'$ S.B. aangegee word.

TOPOGRAFIESE LIGGING:

Riversdale grens in die suide aan die see, die Indiese Oseaan. 'n Gedeelte van Swellendam se suidgrens val ook saam met die kus, maar die grootste deel val saam met Bredasdorp se noordgrens. Van die kus na die noorde kry ons 'n geleidelike styging in hoogte. Die distrikte word deur die Langeberge in twee gesny: die kusstreek en die karoo-streek. Die berge is van 4000' - 5000' hoog. Die kusstreek is nie hoër as 600' nie. Die kusstreek is gelyk en \pm 20 myl breed. Tussen die kusstreek en die berge is 'n streek bekend as die Rûensstreek wat \pm 7 myl breed is en taamlik heuwelagtig is. Die karoo-streek is ook heuwelagtig. Die berge het 'n groot invloed op die reënval.

EKONOMIESE LIGGING.

Die twee distrikte is nie haby 'n groot afsetsentrum geleë nie. Kaapstad word meeste as hawe gebruik en is 280 myl per spoor van Riversdale geleë. Die afstand na Port Elizabeth is 417 myl per spoor. 'n Kleiner hawe is Mosselbaai, wat slegs 60 myl van Riversdale geleë is. Sommige boerderye

benodighede word deur Mosselbaai ingevoer. Daar bestaan 'n plan om hierdie hawe te vergroot wat baie sal beteken vir albei distrikte, maar veral vir Riversdale, Swellendam is 66 myl nader aan Kaapstad.

Eiers en room word meesal na Kaapstad gestuur. Die boere stuur gewoonlik self die produkte na die markte. Dan is daar die handelaars wat eiers, velle, botter, ui, aartappels, tabak en ander produkte van die kleinboere koop en in groot hoeveelhede na die groot markte soos Kaapstad, Johannesburg, Bloemfontein stuur. Hierdie handelaars is vir die kleinboer onontbeerlik. Die meeste graan word gekoop en verkoop deur twee Kooperatiewe Organisasies, een op elk van die dorpe.

Die grootskaalse produksie van vars groente is gestrem deur die opstande van die groot markte. In 1941 is egter op Ashton, 30 myl van Swellendam, op die spoorlyn na Robertson, 'n Ko-operatiewe Inmaakfabriek opgerig. Hierheen gaan vandag die meeste van die vars vrugte en groente van die Swellendam distrik en 'n groot deel van die vars groente en vrugte van Riversdale. Daar is reeds 'n toename in die produksie vars groente soos boontjies en ertjies in die twee distrikte.

VERVOER IN DIE TWEE DISTRIKTE:

Die Riversdale distrik word deur die padmotordiens van die spoorweë bedien. Drie gereelde dienste, tweekeer per week, is ingestel na Stilbaai, Ladismith en Van Wyksdorp. In die somerseisoen bring spesiale buste vakansiegangers na Stilbaai

Die tariewe is billik en veral onder oorlogstoestande is die gebruik van die buste vir die boereëkonomies. Veral vir die kleinboer is hierdie dienste onontbeerlik; sy pluimvee, eiers, botter en groente word gereeld na Riversdale gestuur en vandaar na die groot markte.

Die hoofpaais of A-paais loop van Riversdale na Stilbaai, Ladismith, Mosselbaai en Heidelberg. Laasgenoemde twee is nou die nasionale pad. Die B-paais of Afdelingsraadspais is min of meer eweredig oor die distrik versprei; in die graandele is egter meer paais as in die duine en Karoodeel waar die plase groter en die produkte minder is.

Die arbeid op die paais word vandag hoofsaaklik deur naturelle verrig. Omtrent £200 word maandelike aan lone uitbetaal deur die Riversdale - Afdelingsraad.

Die Swellendam distrik het 6 A-paais met totale afstand van 111.7 myl. Die totale afstand van die B-paais is 278.6 myl. In 1941 is gespandeer op A-paais £3924. 1. 4. en op B-paais £1722.1.4. Gemiddeld word daar jaarliks £6000 gespandeer.¹⁾

Die verkeer op die paais is swaar a.g.v. die swaar produkte soos graan, druiwe na die Barrydale-stokery en room na die Bonnievalekaasfabriek. Die algemene toestand van die paais in die Swellendam distrik is goed. Die droeër Karoodele het „sinkplaat“; „slaggate“ is weer die gevaar van 'n te nat klimaat.

Daar bestaan 'n sterk gevoel vir 'n spoorverbinding tussen Swellendam en Protea. Die taklyn van Caledon loop by Protea dood.

1) Verslag van die Afdelingsraad.

Alle produkte van Caledon en omstreke wat vir die binnelandse markte bestem is, moet oor Kaapstad gaan wat 'n groot omweg is. Alle boere tot by Mosselbaai sal deur so'n lyn nader aan Kaapstad gebring word wat baie sal beteken vir die vervoer van verderfbare produkte. Die verbindingslyn sal baie beteken vir strandplekke soos Stilbaai, Hermanus, Gangbaai en sal ook vir verdedigings doeleindes baie waardevol wees.

DIE KLIMAAT.

Ek het reeds beweer dat die berge 'n invloed uitoefen op die reënval. Die jaarlikse reënval toon 'n styging van die kus na die berge soos die volgende tabel aantoon:

<u>Stasie.</u>	<u>Tydperk.</u>	<u>Gemidd. jaarlikse reënval in duime.</u>
Stilbaai	1926 - 35	16
Weltevrede	1926 - 37	15
Riversdale	1881 - 1941	17.25
Korenterivier	1929 - 37	25

Die jaarlikse reënval wissel egter van jaar tot jaar, b.v. in 1939 en 1940 het Riversdale respektiewelik 25.65 " en 16.41" gekry. Die strook langs die kus en die rûens kry plus minus 15" per jaar. Die laagstreek (aan die kus se kant) kry van 20" - 35" : Korenterivier (25"), Zuurbraak (32.10"); Swellendam (30.95"). Die Karoodeel oorkant die Langeberge kry van 5" - 10" per jaar en is die droogste deel van hierdie distrik. Barrydale, in hierdie distrik, het 'n jaarlikse reënval van 9.86."

Die berge versper die reënbringende winde en is die direkte oorsaak van hierdie lae reënval. Die suidoostewind is die belangrikste reënbringende wind in hierdie distrikte.

Tussen 45 en 55 persent van die reënval val gedurende die Somermaande. Die distribusie van die jaarlikse reënval by Heidelberg is tipies vir hierdie twee distrikte. Die syfers is geneem oor 56.58 jaar. 1)

Maand:	Jan.	Feb.	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sep.	Okt.	Nov.
Duim:	.96	1.32	1.54	1.47	1.45	1.31	1.22	1.28	1.51	1.54	1.29
Maand:	<u>Des.</u>										
Duim :	1.19										

Hoe verder 'n mens van Swellendam in die rigting van Robertson gaan, hoe minder is die neerslag. Die Riversonderendberge laat 'n deel van die reën kondenseer aan sy suidekant. Bonnievale wat net binne die Swellendam distrik val het 'n reënval van 8.88" per jaar.

Soos van die tabel afgelei kan word, is Maart en Oktober die natste maande. Junie Julie en Augustus is relatief droog. Hierdie droë periode in die middel van die koringgroei-eisoon, gepaard met die wisselvalligheid van die reënval, is die hoof oorsake van die onsekerheid van koringbou in hierdie streek. Die reënval is baie meer wisselvallig as in die koringdistrikte Swartland (Malmesbury, Piquetberg en Bellville), waar slegs 22% van die reën in die Somer val. Die reënval van November en Desember is verder nadelig vir die insameling van die oes

1) Verslag van die Koringkommissie.

en roesskade kom meer dikwels voor as in die Swartland.

Die reënval val gewoonlik in sagte buie en dit reën gewoonlik nie langer as van een tot drie dae op 'n slag nie. Oorstromings kom min voor.

As gevolg van die invloed van die warm Mosambiekstroom het die kussgedeelte van die Riversdale en Swellendam distrikte 'n gematigde klimaat. Groot temperatuur verskille kom selde hier voor. Die gemiddelde speling in temperatuur is omtrent 20°F jaarliks en 15°F daagliks. Riversdale het die volgende gemiddelde maandelikse temperatuur:

Maand:	Jan.	Feb.	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sep.	Okt.	Nov.	Des.
°F	71.3	71.7	68.9	64.7	58.8	55.4	53.9	55.9	58.0	62.1	65.9	69.1

Slegs in die Karoodeel kom ryp voor wat intens genoeg is om water te laat vries. Die berge kry elke jaar 2-3 keer sneeu.

'n Vergelyking van die klimogram van Riversdale met die klimogram van „optimum klimaat“ van Huntington, toon aan dat die klimaat van hierdie dele dwarsdeur die jaar te warm is. Die Wintermaande is veral baie warmer as wat vereis word vir die beste verstandelike aktiwiteit. Waar die winterreënval voldoende is, is die somers te droog. In hierdie opsig is hierdie klimaat beter as die klimaat van die Winterreënval streke waar daar in die Somer byna geen reën val nie.

In die Somer is die reënbringende winde gewoonlik suidooste-winde en in die Winter gewoonlik westewinde. In die Winter

waai daar soms uit noordwestelike rigting 'n land wind, bekend as die „ bergwind“. As gevolg van die saampersing by die daling oor die berg is die wind warm en het dit 'n uitdorrerende effek. Gedurende die Somermaande waai daar oor die kusstreek gewoonlik 'n koel seewind.

DIE GROND.

Die grootste deel van die grond bestaan uit die Bokkeveld-formasie. Die Langeberge en die streek aan die voet bestaan uit die bekende Tafelbergsandsteen. Die duinestreek bestaan hoofsaaklik uit Sand- en Kalkformasies. Die streek langs die kus bestaan hoofsaaklik uit sanderige grond wat betreklik onvrugbaar is. Tussen die kusstreek en die berge is leemgronde wat vrugbaarder is. Die bergstreek is weer minder vrugbaar. Die distrikte se grond is oor die algemeen arm aan fosfor en potas maar middelmatig ryk aan stikstof.

GRONDWAARDES:

Die waarde van grond hang af van hoeveel daaruit gemaak kan word. Hierdie waarde word dus bepaal deur verskillende faktore soos grondvrugbaarheid, klimaat, produkte verbou en vervoermoontlikhede. Die deel van die duine aan die kus het 'n grondwaarde van \approx £5 per morg. Die res van die duine is minder produktief en het 'n gemiddelde grondwaarde van £3. per morg. Die grond tussen die duine en die bergstreek, d.w.s. die eindelijke graanstreek, is die mees produktief en het 'n waarde

van ± £7 per morg. Die grond van die bergstreek is weer goedkoper. In die karoostreek is grond slegs £1. per morg wat toe te skrywe is aan die lae produksie hier a.g.v. swak reënval en swak vervoermoontlikhede.

DIE BOERDERYBEDRYWE:

Koring:

Koring is die belangrikste graansoort, dit lewer die grootste totale opbrengste en beslaan die grootste oppervlakte.

Die eerste boere is hierdie twee distrikte het reeds 'n groot deel van hulle inkomste uit koringbou gemaak. In 1924 is die „New Cape Central Railways“ se spoorlyn deur die S.A. Spoorweë en Hawens oorgeneem. Gunstiger tariewe is nou ingestel. In hierdie tyd vind daar 'n groot uitbreiding in die koringbedryf plaas. Hierdie uitbreiding sien ons in die volgende tabel wat die oppervlakte in morges onder koring aandui:¹⁾

	<u>1926-1927</u>	<u>1936-1937</u>
	(morges geoes)	(morges ge-oes)
Riversdale	4,143	27,328
Swellendam	12,956	45,394.

Hierdie uitbreiding moet ook toegeskrywe word aan meganisasie van die bedryf en hoë pryse gedurende die depressiejare.

1) Landbousensusverslae.

In 1935 is 'n baie goeie oes gemaak. Die oppervlakte onder koring het nog uitgebrei totdat in 1937 die klimaks bereik is, maar na 1935 was daar een misoes op die ander. In 1936-37 is omtrent 6000 morg koring in die Riversdale distrik nie eens ge-oes nie. In 1939 het die oppervlakte onder koring in die Riversdale en Swellendam distrikte respektiewelik reeds gedaal tot 16,240 en 39,579 morg.

Vir hierdie misoeste en afname in Koringproduksie is daar verskeie redes. Verkeerde wisselboustelsels het die grondvrugbaarheid uitgeput en opbrengste per morg verlaag. Vandag reeds word groot hoeveelhede misstowwe gebruik. Die vernaamste rede vir hierdie agteruitgang in die koringbedryf is die ongunstige klimaat. Droeë Winters op sigself^{is} nie alleen nadelig nie maar bevorder ook die koringluis wat baie skade aanrig. Die reën in die Somermaande bevorder roes in die koring en vertraag die oeswerkzaamhede.

Onder die oorlogstoestande vandag is gwano feitlik onverkrygbaar en die prys daarvan het gestyg van ± £3 tot ± £5 - 10 per sak.

'n Vergelyking van die produksiekoste van koring in die Suid-Westelike Distrikte met die van die Swartland, toon aan onder watter moeilike omstandighede koring in die Suid-Westelike Distrikte geproduseer word:

1)

Gemiddelde produksiekoste van Koring (1938 - 39)

per sak,

Totale inkomste uit Koring.	Suid. West. Dist.		Swartland.			
	£0.	19.	2.	£1.	o.	5.
<u>Uitgawes:</u>						
Arbeid	3.		0.	3.		7.
Dieretrekkrag	2.		3.	1.		7.
Trekker en Vragwa	2.		7.	1.		3.
Gereedskap	2.		7.	1.		10.
Behuising	0.		7.	1.		0.
Misstawwe	1.		7.	2.		7.
Saad	2.		3.	1.		5.
Sakke en tou			7.			7.
Dorskoste			7.			7.
Vervoer gehuur			2.			2.
Allerlei	1.		2.	1.		0.
Koste met rente op grond @ 5%	18.		9.	17.		7.
Ondernemersloon.			5.	2.		10.

Alhoewel die Swartland meer misstawwe per sak gebruik as die Suid-Westelike-Distrikte is die „ondernemersloon“ daar veel hoër, wat toegeskrywe moet word aan hoër opbrengste per morg en aan ander faktore wat hierdie streek 'n baie beter koringstreek maak.

Hierdie berekening is gemaak vir 'n betreklike goeie jaar 1938-39. Ons kan beweer dat gedurende die afgelope 2 jaar die koringprodusente byna geen profyt gemaak het nie. Baie boere kan die bedryf slegs voortsit met Staatshulp in die vorm van lenings vir saad, misstawwe, voer, brandstof ens. 'n Aantal boere het

1) Verslag van die Koringkommissie.

bankrot gegaan terwyl baie gered is van bankrotskap slegs deur die veeteeltbedryf. Die landboudepartement wend alle pogings aan om veeteelt weer tot sy reg te laat kom.

Hawer: Hierdie gewas beslaan die tweede grootste oppervlakte. Daar was 'n reëlmatige toename in oppervlakte. Hierdie toename duur voort na 1937 soos die volgende tabel aantoon:

OPPERVLAKTE GROND ONDER HAWER:

	1925 - 26 (morge ge-oes)	1936 - 37 (morge geeoes)	1938 - 39 (morge besaa)
Riversdale :	4,842	8,401	10,504
Swellendam :	11,662	19,347	24,361

Dit lyk asof die oppervlakte onder hawer groter sal word as die oppervlakte onder koring. Hawer word vir weiding en voergewas gebruik, en waar daar meer aandag aan veeteelt gegee word vandag, sal dit hierdie bedryf aanhelp. Die opbrengste van Hawer per morg is ook hoër as die van koring nl. 6 sakke per morg waar koring in die afgelope 8 jaar gemiddeld omtrent 4 sakke per morg gelewer het. Die prys van hawer vir die afgelope paar jaar is goed nl. 8/- - 12/- per sak. Vir hawer hoef die grond ook nie tweekeer geploeg te word soos in die geval van koring nie. Waar daar vir 1 sak koring tenminste 1 sak misstof nodig is is $\frac{1}{2}$ sak misstof genoeg vir 1 sak hawer. Die koringluis rig nie veel skade aan in die hawer nie.

Gars, Rog en Mielies:

Daar word veel minder gars gesaaï in die twee distrikte as koring en hawer. Die meeste gars word as groenvoer gesny vir eie gebruik en om te verkoop. 'n Kleiner deel daarvan word verkoop as brougars. In die Riversdale distrik was daar nie 'n toename in oppervlakte grond onder gars in die afgelope 25 jaar nie, in Swellendam was daar wel 'n geleidelike toename.

OPPERVLAKTE GROND ONDER GARS:

	1925 - 26 (morge ge-oes)	1936 - 37 (morge geoes)	1938 - 39. (morge besaaï)
<u>Riversdale</u>	983	981	907
<u>Swellendam</u>	3012	4391	5995

Die aantal sakke gars per morg gewen wissel van 7 tot 12 sakke.

Rog behaal goeie pryse; in 1941 was die prys £1. 2. 6. per sak. Vir enkele boere is nog die vernaamste bron van inkomste. Die graansoort word meesal in die kusstreek verbou. Die opbrengste wissel van 3 - 6 sakke per morg. In die Riversdale distrik is in 1925-26 en 1936-37 respektiewelik 583 en 508 morge rog geoes en in Swellendam 347 en 376 morge respektiewelik vir dieselfde tydperke.

Mielies word meesal vir eie gebruik geproduseer; vir menslike gebruik en pluimvee-voer. In die jong stadium is dit uitstekende weiding, veral vir melkbeeste. Die opbrengste is gemiddeld 7 sakke per morg.

Die volgende tabel toon aan die opbrengste van die verskillende gewasse in sakke.

	<u>Riversdale</u>			<u>Swellendam.</u>		
	1925-26	1936-37	1938-39	1926-27	1936-37	1938-39
Koring	16,451	60,495	59,868	59,989	152,658	223,976
Hawer	16,186	47,234	58,286	74,411	126,943	170,502
Gars	9,100	7,082	9,489	32,074	37,924	97,406
Rog	3,655	3,094	4,234	2,773	1,888	3,905
Mielies	4,832	5,375	5,366	-	-	3,673

Swellendam produseer dus min drie keer soveel koring en hawer as Riversdale en ruim vier keer soveel gars. Die veestapel van die Riversdale distrik is groter as die van Swellendam.

DIE VEETEELTBEDRYF:

Namate koringbou toegeneem het, het die veestapel verminder en agteruitgegaan. Die Landboudepartement wend vandag alle pogings aan om die veestapel te verbeter en uit te brei en die boerdery in hierdie twee distrikte weg te stuur van 'n te eensydige koringbou. Rhodesgras is met sukses gekweek en die boere word langamerhand oorgelaat om hulle ou lande met Rhodesgras te besaa. Die gras word maklik geplant, het 'n goeie draagkrag, verhoed grondverspeeling en is goed bestand teen droogte.

Die hele suid-westelike streek was vroeër oortrek met die waardevolle Rooigras Theuseda Trian dra Forsk. In die ou dae

is die streek die „Grasveld“ genoem. Die gras het grotendeels verdwyn a.g.v. oorbeweidings en veldbrand. Die renosterbos het die veld ingeneem en die draagkrag daarvan verminder. Daar word nog goeie wol geproduseer maar die veld kan nou beswaarlik 1 skaap per 3 morge dra. In die bergstreek is die draagkrag hoër. As die renosterbos doeltreffend vernietig word, sal die rooigras herwin word. Sulke herstelmaatreëls neem egter tyd, bring koste mee en verlaag aanvanklik die inkomste.

BEESBOERDERY:

Van die vroegste jare af vind ons groot getalle beeste in die twee distrikte. In 1926 was die totaal vir Riversdale en Swellendam 16,364 en 8254 respektiewelik. Die beeste het hoofsaaklik bestaan uit bastersoorte wat meesal vir trekdoeleindes gebruik is. In 1938 is die twee distrikte tot beesverbeteringsareas verklaar. Vandag word opreg-geteelde bulle gebruik, veral die Afrikanerbeeste het gewild geword.

Hierdie beeste is goeie trek en slagbeeste en soms goeie melkbeeste.

Die melkbeeste is hoofsaaklik Jerseys en Friese. In 1937 is in Riversdale en Swellendam respektiewelik 2609 en 2199 koeie gemelk. Boere rondom die dorpe voorsien die inwoners van melk en botter. Room word weggestuur. Daar bestaan 'n plan om op Swellendam 'n kaasfabriek op te rig.

Die melkbeeste moet gevoer word, veral in die droeë seisoen.

Duisende bale lusern word jaarliks uit die Karoo bestel. Die distrik produseer self ook lusern : in 1937 het Riversdale en Swellendam 681 en 1646 ton lusernhooi respektiewelik geproduseer. In hierdie opsig het die volstruisboerdery gehelp. Die lusern wat destyd in die volstruisveer-tydperk vir die voëls gesaai is, kan nou vir die beeste gebruik word. Sommige boere wissel hulle beeste jaarliks van veld. In die Somer word die beeste op die suur bergveldweiding gebou en in die winter na die soet duineveld gestuur. Hierdie „wissel" beteken baie vir die kondisie van die beeste en spaar die veld.

PERDE, MUILE EN DONKIES:

Perde, muile, donkies en beeste was die trekkrag voordat die trekker in gebruik gekom het. Baie boere het hulle trekvee verkoop en trekkers aangeskaf, maar vandag onder die oorlogstoestande, word weer van dieretrekkrage gebruik gemaak. In die duinestreek word feitlik uitsluitlik donkies as trekkrage gebruik. In die afgelope paar jaar het slapsiekte die aantal perde en muile verminder, veral in Swellendam.

SKAAPBOERDERY:

Die aantal skape neem ook vinnig toe. Die wolskape is van die Merino-tipe. Vanaf 1938 het die boere hulle veral begin toelê op die teel van vleisskape. In die Karoodeel word die Persie-vleisskaap nou baie geteel. Vetlammers word geteel uit Dorsethorn en Merinokruising; hierdie skaap verlang goeie weiding

In die Riversdale distrik het die aantal vetlammers aangegroei van 500 in 1938 tot 3000 in 1939. Die volgende tabel toon aan die vermeerdering in die aantal vleisskape:¹⁾

	<u>1925 - 26</u>	<u>1938 - 39.</u>
<u>Riversdale</u> :	5,712	11,160
<u>Swellendam</u> :	2,372	9,441.

Slagskape behaal die goeie prys van £1. 14. 0.

VOLSTRUISE, BOKKE, VARKE EN PLUIMVEE:

Na die ineenstroting van die volstruisveermark in omstreeks 1913 het die aantal voëls vinnig afgeneem. In 1926 was daar nog 3100 volstruise in die Riversdale distrik en 1930 in die Swellendam distrik. Hierdie getalle verminder egter tot 728 en 860 respektiewelik in 1937.

Ons kry die boerbok en Argorabok in die twee distrikte. Die boerbok is by vër die belangrikste en word veral in die dorrë dele aangetref. Die produkte vir bemarking is vleis en bokhaar.

Varkboerdery word op kleinskaal gedryf. Varke word veral aangetref waar melk en groentesoorte soos patats volop is.

Masels kom algemeen voor.

Slegs op enkele plase word met pluimvee op kommersiële skaal geboer. Die volgende tabel toon aan die aantal diere wat in hierdie twee distrikte is.

1) Landbousensusverslae.

	<u>Riversdale</u>			<u>Swellendam.</u>		
	1925-26	1936-37	1938-39	1925-26	1936-37	1938-39
Wolseape	157,293	189,064	170,335	214,230	201,665	234,365
Boerbokke	24,591	25,427	19,669	14,555	18,553	18,173
Perde	3,277	3,380	-	4,105	4,259	-
Mulle	1,251	2,627	-	3,183	4,705	-
Donkies	2,310	2,921	-	1,875	1,951	-
Varke	2,166	3,586	2,324	4,457	4,978	5,145

DIE TUINBOUBEDRYF:-

Intensiewe tuinbou word gevind waar daar besproeiingswater beskikbaar is. Die produksie van aartappels neem geweldig toe. Aartappels behaal goeie pryse. Bone behaal ook goeie pryse. Ander groentesoorte soos uie, beet, geelwortels en kool word ook gekweek. Die boere naby die dorp kweek groente op grootskaal en verkoop dit dan aan die dorpenaars. Aartappels en uie word na die groot markte soos Kaapstad gestuur. Tabakoard goed onder droë toestande en word deur die meeste boere op kleinskaal verbou; slegs die Virginiese tipe word verbou.

DIE VRUGTEBEDRYF:-

Die vrugtebedryf het nog nie op grootskaal poegevat in die Riversdale distrik nie. Swellendam het vierkeer soveel grond onder boerde as Riversdale. Van 1926-37 het die oppervlakte onder boerde in die Swellendam distrik verdubbel terwyl ons in die Riversdale distrik slegs 'n klein uitbreiding kry nl. van 203 morges tot 366 morges. Waar besproeiingswater en goeie grond

beskikbaar is, gee die boere van die Riversdale distrik voorkeur aan tuinbougewasse. Die wingerdbedryf toon ook klein uitbreiding in die Riversdale distrik: van 1926 - 1937 vermeerder die aantal morge onder wingerd van 122 morge tot 181 morge. Hierdie bedryf ontwikkel egter goed in die Swellendam distrik: van 1926-1937 is daar 'n vermeerdering van 342 morge tot 1140 morge grond onder wingerd. Die volgende tabel toon aan die aantal draende en nie-draende vrugtebome in die distrikte.¹⁾

	<u>Riversdale</u>		<u>Swellendam.</u>	
	1926	1937	1926	1937
Appels	8,360	41,748	30,230	78,702
Perskes	-	15,932	-	29,675
Peer	1,070	1,985	1,670	5,630
Fruim	270	693	3,820	9,433
Fruimedante	7,830	1,272	25,380	25,810
Appelkoes	3,850	1,396	34,340	43,116
Lemoen	7,750	10,693	32,150	105,216

Ander vrugtesoorte in hierdie twee distrikte gekweek is Amandels, Vye, Kwepers, Neotarines, suurlemoene, Pomelos en Martjies.

In die Swellendam distrik word vrugte op groot skaal gedroog, veel meer as in die Riversdale distrik. Die meeste van die vars vrugte gaan vandag na die Ashton-imaakfabriek.

Tabel wat aantoon die ponde gedroogde vrugte verkoop, in 1937.

	<u>Riversdale</u>	<u>Worcester.</u>
Sultanas :	400 lb.	154,433
Appels :	3,100	9,350
Appelkose:	-	15,210
Perskes :	1,025	2,630
Fruimedante:	500	130,350

1) Landbousensuiverslae.

DIE DORP EN DISTRIK GERES.

CERES:-DIE LIGGING EN ONTSTAAN VAN CERES:-

Ceres is geleë 79 myl van Kaapstad, in die Kom van die Warm Bokkeveld. Sy ligging is $33^{\circ}22'$ S.B. en $19^{\circ}19'$ O.L. Ceres het as dorpie sy ontstaan gehad reeds in 1954. Gestig deur Mnr. Jan Munnik, 'n boer van Worcester. Tien jaar later, in 1864 word Ceres 'n Munisipaliteit. Die dorp is genoem na die Romeinse Godin van die landbou, as erkenning vir sy vrugbaarheid. Die dorp is omring deur berge: die Hexrivierberge, Skurweberge, Witzenberge, Theronberg. Ceres is egter in die hoek van hierdie kom geleë. Die eintlike rede vir sy ligging hier is die goeie watervoorraad. Dwarsrivier, wat dwarsdeur die jaar water hou, vloei deur die dorp. Verder is Ceres geleë aan die bo-end van Michellspas. Die pas is reeds in 1848 ge-open. Dit is $5\frac{1}{2}$ myl lank en daar is 'n klimmin hoogte van 800 voet tot 1493 voet bo seespieël, wat die hoogte van Ceres is. Die dorp en munisipale area beslaan 27 vk. myle. Die distrik Ceres is egter geweldig groot nl. 3,871 vk. myle Ceres is sleg geleë hê op die wesgrens van hierdie groot distrik. Ekonomies is dit 'n verlies vir die dorp want boere aan die verafgeleë grense stuur hulle produkte na nader-geleë dorpe en spoorweg aansluitings. Die Ceres kom is min of meer rond en het 'n deursnit van ongeveer 15 myl.

DIE KLIMAAT VAN CERES :-

Ceres val in die winterreënvalstreek. Die Cereskom het

koue Winters; die omringende berge is vir 'n groot deel van die Winter bedek met sneeu. Die dorp het gedurende die Wintermaande Junie, Julie en Augustus gemiddelde minimum - temperature van 37°F, 35°F en 37°F respektiewelik. Die maksimum-temperature vir November, Desember en Januarie is 81°F, 85°F en 88°F respektiewelik. Ceres is dus taamlik warm in die Somer. Opmerklik is die groot verskille in temperatuur tussen die warmste en koudste maande. Ons kan dus nie hier praat van die see-invloed op die temperatuur nie.

Ons kan Ceres beskou as die natste dorp in die Suid-Westelike Kaap. Slegs Tafelberg, Claremont en Elgin kry meer reënval. Sy gemiddelde jaarlikse reënval is 40.47 duim. Gedurende die Somermaande van Oktober tot Maart val 22% van die reën. Reënval gedurende Junie, Julie en Augustus is 7.45, 5.91 en 5.78 duim respektiewelik. Dié hoë reënval by die dorp moet grotendeels toegeskrywe word aan die omringende berge. Die res van die Warm-Bokkeveld kry nie soveel reën nie. Veral die Noordwinde wat teen die Mostertshoekberge aanwaai, veroorsaak die groot reënval op die dorp. Die berge het 'n verdere voordelige invloed op die klimaat van die dorp. Die suid-ooste-wind wat die weer so onplesierig maak in Wes Kaapland en vrugtebome verniel, is byna onbekend op Ceres.

Huntington het 'n standaard klimogram opgestel wat die beste klimaat aangee vir mense, diere en plante. Die klimogram

is gebasseer op temperatuur en reenval. Dit neem die vorm van isoplete aan. Trek ons nou 'n klimogram van Ceres en vergelyk dit met die standaard klimogram, dan sien ons dadelik Ceres se klimaatseienskappe en hoe Ceres se klimaat vergelyk met Huntington se „Optimum“ - klimaat. Die twee binne-sirkels of isoplete gee die ideale klimaat aan vir menslike aktiwiteite in Somer en Winter: in Somer tussen 60°F en 68°F en Winter tussen 31°F en 44°F. Die Wintertoestande is ideaal vir verstandelike aktiwiteite en Somertoestande vir fisiese aktiwiteite. Ons sien dat Ceres se temperature vir Somer en Winter te hoog is. Ceres is die koudste stasie in Wes-Kaapland, het in Julie 'n gemiddelde van 48°F, maar selfs sy Wintertemperatuur is 40°F hoër as die ideale. Die Somers is te droog en die Winters veels te nat. Oor die algemeen vergelyk Ceres se klimaatstoestande nie swak met die „optimum“ nie. Die toestande in die groot sirkels is minder goed vir mense maar baie goed vir sommige soorte graan. Ceres se klimaat is dus vir Somer en Winter te warm; die verskille in temperatuur tussen Somer en Winter is te klein, die Somers is te droog en die Winters te nat.

Soos die naam aandui, is die Koue Bokkeveld nog kouer in die Winter as die Ceres-kom of Warm-Bokkeveld. Dié streek bestaan uit stukke platon omsluit deur die Koue-Bokkeveld berge. Die rede waarom die Winters hier kouer is, is die streek se groter hoogte. Die minimum vir die koudste maand is naby vriespunt. Die streek kry 'n goeie reënval alhoewel minder as

Ceres self.

Oor Karoopoort, Noord-Oos van die bergreeks, lê die Ceres Karoo. Groot dele daarvan kry minder as 5 duim reën per jaar. Daarby is die gebied baie warm wat dit nog droër maak. Juis die feit dat hierdie streek agter die berge lê, maak dit so droog. Die reënbringende noordwestelike winde is uitgereg en as dit oor dié streek waai, die winde kondenseer aan die voorkant van die berge en derhalwe kry die dorpe en koue Bokkeveld soveel meer reën.

Die meeste van die bewerkte grond van die distrik behoort tot die Bokkeveld-serie. Hierdie serie bestaan hoofsaaklik uit leiklip en sandsteen en vorm weer 'n deel van die groot Kaapse sisteem. Dele van die Ceres-Karoo behoort tot die Karoo-sisteem, 'n tweede geologiese sisteem in Wes-Kaapland. Veral die Ecca- en die Dwyka-serie.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE DISTRIK:-

Die vrugtebedryf speel eers vanaf omstreeks 1900 'n belangrike rol. Die ontwikkeling hang saam met ontwikkelings in die hele Wes Kaapland. Voor die tyd was vee- en graanboerdery die hoofbedrywe van die distrik.

VEEBOERDERY:-

Is vandag nog die vernaamste boerderybedryf in die Karoodeel van die distrik. Veral ekstensiewe skaapboerdery. Tussenin is daar wel hier en daar saaiery op baie klein skaal. Daar is

egter nie baie vee nie, daar is 6.3 morge per skaap beskikbaar in die Ceres-Karoo. Die plase is groot, die grond is goedkoop en die boerewonings is klein. Tog beslaan hierdie gebied byna twee-derdes van Ceres se distrik. Bokke en nie-wolksape word steeds belangriker t.o.v. wolksape.

Die meeste van die plase in die Ceres Karoo behoort aan boere in die Koue- en Warm-Bokkeveld. Die meeste skape is dan ook net gedurende die Winter op die Karooplase wanneer die Koue Bokkeveld te koud is. Van die Bokkeveld (Warm- en Koue Bokkeveld) kom jaarliks \approx 500,000 lb. wol. Die Koue Bokkeveld is egter bergagtig en in die Winter baie koud en nat, gewoonlik te koud vir wolksape. Vanaf die begin van die strawwe koue in Mei maand trek die meeste skaapboere met hulle vee na hulle Karooplase vir 'n paar maande. Die karooplase is van 4000 - 6000 morge groot. As die Ceres-karoo te droog is, moet weiveld elders in die Karoo gehuur word. Vandag neem vrugteboerdery (veral Appels) en groenteboerdery (aartappels, bone en skorsies) snel toe in die koue Bokkeveld. Hierdie bedrywe eis volle aandag dwarsdeur die jaar en derhalwe word die skape vandag meesal deur veewagterhuurlinge op die Karooplase versorg. Die veeplase in die Bokkeveld is nog groot gewoonlik 2000 morge en groter. Die meeste boere het reeds as bybedrywe die vrugte- en groentebedrywe. Sommige lê hulle uitsluitlik toe op vrugte en groente. Vir sommige boere is hulle appeloes die vernaamste bron van inkomste. Hierdie eenzijdigheid is gevaarlik, veral

noudat die buitelandse mark gesluit is en die Kodlin-mot soveel skade aanrig. Gemiddeldes in die jare 1930, 34 en 35 toon vir Ceres 115,100 wolskape, 2,800 beeste, 3,600 varke, 1,016 perde en 1,961 muile. Perde is in die 19^e eeu op grootskaal geteel maar vandag word die perde en muile van die binneland ingevoer. In daardie jare is daar nog gereeld landboutentoonstellings in die Victoria Park en Landbousaal gehou. In latere jare is hier nog net die jaarlikse blommetentoonstellings gehou. Die vrugteboere maak nog baie gebruik van perde en muile.

Wat graanbou betref, neem Ceres 'n tweederangse posisie in in Wes Kaapland. Sakke koring per jaar gemiddeld vir 1930, 1934, 1935 is 32,658; teenoor 562,075 vir 'n eersterangse graandistrik soos Malmesbury. Vir die distrik as geheel is veeboerdery belangriker want die groot Karoodeel produseer weinig graan en is in die eerste plek 'n streek vir veeboerdery. Die grond van die Bokkeveld serie is baie vrugbaar en geskik vir graanbou. Omdat die klimaat kouer is as ander distrikte speel meer geharde graansoorte 'n belangrike rol: vir dieselfde tydperk was die gemiddelde jaarlikse opbrings gars 3,268 sakke; hawer 19,076 sakke; rog 9,464 sakke. Die Porterville Ko-operatiewe Vereniging koop 'n groot deel van die koring. Die landbousaal word voorlopig gebruik as paktoor en is op die oomblik vol koring. Die Vereniging het aansoek gedoen om grond tussen die Stasie en tronk om sy eie store op te bou. Mokomo van Malmesbury koop

ook Ceres koring. Die distrik het self geen koring -
Ko-operatiewe-vereniging nie.

DIE VRUGTEBEDRYF: Vanaf die begin van die twintigste eeu tot vandag het Ceres ontwikkel tot een van die vernaamste vrugte-distrikte in Suid-Afrika. Samehangend hiermee is op te merk 'n duidelike toename in die groei van die dorp Ceres. In 1892 is die spoorweg gelê tot by die Rand. Daardeur is die binnelandse mark vir vrugte oopgestel. Gevolglik brei die vrugtebedryf in Wes Kaapland geweldig uit. Binne enkele jare was die produksie sagtevrugte soos druiwe, perskes, appelkose, pruime en pere en Appels meer as wat vir binnelandse verbruik nodig was. In 1900 reeds word 309 ton vrugte na die buiteland verskeep. In 1910 het hierdie uitvoer tot 2,705 ton vermeerder. Maar watter rol speel Ceres in die produksie van hierdie tweede vernaamste landbou-uitvoer produk van Suid-Afrika?

Jan van Riebeeck het reeds vrugtebome soos appelkose, appels, pere, pruime, perskes en vele ander na die Kaap ingevoer. Tot die 2^e helfte van die 19^e eeu was daar egter min vrugte in die handel. Dit was ook die geval in Ceres. Op die plasies in die Warm Bokkeveld was daar wel vrugtebome vir eie gebruik. Rondom 1900 begin die boere Gillie en Josef Serembock op grootskaal vrugte kweek. Andere soos Mnre. Joubert en Retief het hulle gou nagevolg. Ceres had egter moellikheid met vervoer. Tot 1910 moes transportwaens die produkte deur Michellspas na Wolseley, die naaste spoorwegaansluiting, neem. In daardie jaar word die

tak spoorweg na Ceres gebou. Dit bring 'n verdere toename in vrugteproduksie teweeg. 'n Groot toename in die jaarlikse totale opbrings van die distrik. Gevolglik 'n toename in die groei van die dorp as kommunikasie-sentrum. Die nuwe administrasie gebou: poskantoor, magistraatskantoor, munisipale kantore, SEDA e.a. kantore; die meeste nuwe winkels en besighedsplekke; die groot uitbreiding van die blanke woonbuurt; dateer uit hierdie tyd na 1910.

Aantal vrugtebome in Ceres in 1930: Amaldels 9,760; Appels 161,120; Pere 283,970; Perskes 273,070; Appelkose 26,550; Pruime 76,470; Pruimedante 35,850; Kaalperskes 5,560. Aantal morge onder boorde was in daardie jaar 5,065. In Wes Kaapland het net Paarl meer morge onder boorde nl. 4,281. Syfers vir die binnelandse handel is nie beskikbaar nie. Wat die uitvoer na die buiteland betref het Ceres in 1933-34 seisoen 9,710 ton uitgevoer, d.i. 14,2% van die totale uitvoer van die Unie. Hierby is ingesluit uitvoerdruive en ook appelkose. As ons net die uitvoer van pere, perskes, pruime en appels neem, is Ceres se persentasie van die totaal baie hoër.

Klimaat is die vernaamste faktor wat 'n rol speel in hierdie groot produksie sagtevrugte in Ceres. Die Middellandse-See-tipe klimaat is besonder geskik vir sagtevrugte. Kalifornië het ook hierdie tipe klimaat, en is een van die wêreld se belangrikste vrugtedele. Waar die grootste deel van Wes-Kaapland se Winters egter nie koud genoeg is vir hierdie vrugte

nie, is Ceres se klimaat beter. Ceres het, behalwe Elgin wat hoër lê, die koudste wintertemperatuur: gemiddelde maksimum vir vier Wintermaande is 63.20F Hoër as 64.50F is nadelig vir oeste, en veroorsaak vertraagde bot by bome. Koue Bokkeveld het nog laer Wintertemperature wat dit besonder geskik maak vir appels. Die Reënval is voldoende maar daar word ook van besproeiing gebruik gemaak. Derhalwe kry ons meeste boorde langs die voet van die berge in die Warm Bokkeveld. Die meeste erwe op die dorp het vrugtebome, veral pere en perskes. Hier word van die waterleisisisteen gebruik gemaak. Hierdie baie vrugtebome in die dorp is baie opvallend en onderskei Ceres van die meeste Wes-Kaaplandse dorpe.

Die gronde van die Bokkeveld-serie is vrugbaar en baie geskik vir boorde. Die meeste van hierdie grond is reeds bewerk in die Warm Bokkeveld. In die Koue Bokkeveld is daar nog baie kans vir uitbreiding.

Die 1914-1918 Wêreldoorlog het die vinnige ontwikkeling van die vrugtebedryf vertraag. In 1917-1918 is geen vrugte uitgevoer nie. Na die oorlog het die produksie snel toegeneem. Die 1933 depressie was 'n tydelike terugslag. In 1938 is die waarde van die Unie se uitvoervrugte + £2,750,000.

Met die uitbreek van die oorlog in 1939 kom daar weer nuwe ontwikkelings en probleme vir die vrugtebedryf. In die eerste plek is die buitelandse mark vir die vrugteboere gesluit. Wes-Kaapland se uitvoerseisoen val gerieflik saam met die Europese

Winter. S.A. se vrugte gaan byna almal na Engeland, vanwaar sommige na die vasteland gestuur word. Die syfers van vrugte-uitvoer teen watter noodtoestand daar geskep is deur die uitbreek van die oorlog. Die vrugteboer het gewoonlik 70% van sy inkomste van sy uitvoervrugte gekry. Die S.A. Sagtevrugte-reëlinskema is op 6 Oktober 1939 as proklamasie No. 230 van 1939 afgekondig, as noodmaatreël teen hierdie ontwrigting van die vrugte-uitvoer. Die Sagtevrugteraad is daarkragtens ingestel. Die vernaamste bevoegdhede van die raad is o.a.:

- (1) Die reëling van die uitvoer deur buitelandse verkoops agente aan te wys en deur uitvoervrugte na bepaalde buitelandse markte te laat versend.
- (11) Die registrasie van plaaslike markagente onder sulke voorwaardes as wat vir die verbetering van binnelandse bemerking nodig geag word.
- (111) Die advisering van die Minister met betrekking tot plaaslike gradering met die oog op die verbetering van die gehalte van die vrugte wat op die plaaslike mark aangebied word.

Voor die uitbreek van die oorlog het die organisasie van die binnelandse vrugtehandel baie te wense oorgelaat. Groot markte soos die Rand is oorstok. Daar was geen kontrole oor die reëlmatige distribusie van vrugte na alle dele van die land nie en pryse het gestyg en gedaal. Die Sagtevrugteraad het begin kontrole uitoefen oor die voorsiening van die verskillende dele van die land van vrugte. In 1942 het die Raad reeds volle beheer gehad oor die peer en pruim en brei sy beheer nog verder uit. Die binnelandse afset is vergroot alhoewel die verlies van die buitelandse

mark nie heeltemal vergoed is nie. Daar is 'n gevoel dat die Sagtevrugteraad ook die kleinhandelspryse behoort te beheer want vandag maak die tussenhandel nog 'n profyt van 100 - 300%.

Die Raad het hom veral toegelê op die droog van vrugte. Vanaf omstreeks 1920 is droëvrugte reeds uitgevoer. Van 1923-1938 styg hierdie uitvoer van 5 - 16.5 miljoen-pond (gewig). Die boere het die meeste vrugte self gedroog deur die vrugte te sny en in die son uit te sit. Vrugtepakkerie soos die Seeded Muscat Raisin Co. (op Ceres) koop vars vrugte van die boere en droog en verpak dit dan. In 1941 begin die Sagte-vrugte-raad self droog. Aanvanklik ook sondoëry op Ceres en op Prince Alfred's Hamlet, 'n klein nedersetting 7 myl van Ceres. Die Raad is nou besig met die opstel van „dehydrating” of ontwateringstoestelle: twee op Ceres en een op die Hamlet. Deur hierdie toestelle wat ± £3000 elk kos, word die vrugte gouer gedroog. In 15 uur word omtrent 10 ton pere gedroog. 'n Meer uniforme produk word verkry; temperatuur en vogtigheid word gereguleer wat sonder toestel nie moontlik is nie. Groente word ook deur hierdie toestelle gedroog.

Die meeste arbeid in die droëry word deur kleurlinge gedoen. Die meide veral die skilwerk en snywerk en die manê die drawerk en pakwerk. Die meide word betaal 'n minimum van 16/6 per week. Weekliks betaal die Raad omtrent £800 uit aan lone. Hierdie geld spandeer die kleurlinge gou weer in die dorp. Hierdie groot nuwe nywerheid strek tot die voordeel van die dorp.

Die hoeveelheid vrugte wat jaarliks in konfyt en inmaak-fabriekes verwerk word, word steeds groter. Die fabriekes is veral in stede : vernaamste sentrums is Durban, Port Elizabeth, Kaapstad, Paarl, Worcester, Wellington en Johannesburg. Die artikel wat daar gemaak word is deurgaans goed en het in afgelope paar jaar baie verbeter.

Die Ko-operasiesistelsel is in die vrugtebedryf tog nie so goed ontwikkel as in die wynbou nie. Daar is wel 'n Federale Sagtevrugtebeurs wat die verskillende ko-operasies beheer en voorligting doen insake die hanteer van die vrugte, verskeping ens. Hierdie beurs bestaan uit vrugteboere, gekies deur lede van die Ko-operasies. Die beurs benoem dan ook die lede van die Sagtevrugteraad, onderhewig aan departementele goedkeuring. Ceres het sewe lede op die Sagtevrugteraad.

Die groot vyand van die vrugtebedryf is die Kodlinmot. In die afgelope paar jaar het die plaag geweldig toegeneem. Hier speel die oorlog wedr 'n rol, want die spuitstowwe kom van oorsee. Die plaag is veral straf in die Warm Bokkeveld en veral onder die peerbome. Sommige boere het in 1942 tot 10% mot in die pere gehad. Baie peerbome word uitgekap. Eerstegraadpere behaal plus minus £12 per ton; derdegraadpere plus minus £3. 10. 0. In 1942 was die grootste gros pere derdegraadpere a.g.v. Kodlinmot. As spuitonkoste en ander onkoste afgetrêk word hou die boere feitlik geen profyt oor nie. Die perskes, pruime en appels

word ook gesteek. Die toestand is kritiek. Daar word op Stellenbosch ge-eksperimenteer met 'n parasiet wat as teenmiddel kan dien.

Groente : In die afgelope paar jaar het die produksie van groentesoorte op grootskaal baie toegeneem. Veral in die Koue-Bokkeveld langs die grootpad na Citrusdal. Die aartappelmoere hier gekweek, is bekend deur die land. Hulle goeie kenmerke hang veral saam met die koue klimaat van die Koue Bokkeveld. Moere word teen £1. 5. 0. per sak verkoop; eetaartappels teen £1. 2. 6. per sak. Mnr. Hugo van Niekerk is die sogenaamde aartappelkoning. Die suikerboontjie van Ceres het ook 'n baie goeie naam. Die boontjie kry nie kalender nie en hou dus baie langer as gewone bone. Sommige boere wen oor 300 sakke en verkoop dit teen £2. 10. 0. per sak. Die groente word veral verkoop op die Kaapse mark; ook op ander binnelandse markte. Die meeste dorpbewoners produseer hulle eie groente. 'n Paar inwoners lê hulle toe op groentekweek en verkoop dan in die dorp. Daar was wel voorheen 'n munisipale mark, maar dit is so swak deur die boere ondersteun dat dit afgeskaf is. Botter eiers en pluimvee word aan handelaars verkoop van wie die inwoners dit weer koop. Die ruilkoopstelsel word deur sommige boere gebruik waardeur kruideniersware en ander goedere ontvang word in ruil vir plaasprodukte.

Die Bevolking :- Die plattelandse bevolking (alle rasse) het aangegroei van 3,942 in 1911 tot 6,923 in 1936; dus 'n persentasie vermeerdering van 75.6%. Hierdie sterk toename moet in die

eerste plek toegeskryf word aan die groei van die vrugtebedryf in die distrik. In dieselfde tydperk toon die dorp se bevolkings-tal maar in vermeerdering van 12.3%. Hierdie stadige groei moet in die eerste plek toegeskrywe word aan Ceres se ligging agter die berge, weg van die hoofspoorlyn.

Die Warm Bokkeveld is die digste bevolk; die Koue Bokkeveld is ook dig bevolk; die Ceres-Karoo, soos reeds aangetoon, is baie dun bevolk. Hierdie digte bevolking in die Warm en Koue Bokkeveld hang veral saam met die goeie en gereëlde reënval van jaarliks oor 25 duim., „Spes Bona" in die Karoodeel word deur besproeiing bewerk en hier kry ons 'n digter bevolking. Die plaas behoort aan die S.A. Willing Co., en produseer veral appelkose en sultanas.

Die Vervoer in die Distrik : ✓

Die distrik Ceres is geweldig groot. Dit grens aan die distrikte Tulbagh, Piquetberg, Clanwilliam, Calvinia, Sutherland, Laingsburg, Worcester. Van die dorp tot sy distriksgrens in Clanwilliam se rigting is die afstand plus minus 80 myl; in Calvinia se rigting plus minus 90 myl. Die paaie in die distrik is heeltemal in 'n goeie toestand; veral die hoofpaaie of publieke paaie wat Ceres met die ander dorpe verbind. Een hoofpad gaan voor Gydopas oor die Koue Bokkeveld na Clanwilliam; 'n tweede oor Karoopoort waar daar 'n splitsing is na Calvinia en Sutherland. Verder 'n groter aantal kleiner paaie of "Divisional Roads"; veral

in die Warm Bokkeveld waar die boere die digste woon. Twee van hierdie paaie in Koue Bokkeveld. In die Karoo is die bevolking baie dun en dus minder paaie.

Die boere van die Warm- en Koue Bokkeveld vervoer hulle vrugte, wol, graan en groente meesal met spoorwegbuste. Die busdiens is so gereeld en ekonomies dat dit nie betalend is om eie vragmotors te gebruik nie. Die buste loop tot by Prince Alfred's Hamlet en vandaar word die produkte per spoor verder vervoer. Die vervoer na die Kommunikasie-sentrum is dus heeltemal bevredigend.

Soos reeds aangetoon lê die dorp heel op die wesgrens van hierdie uitgebreide distrik. Omdat al die produkte van die distrik nie deur Ceres as kommunikasie-sentrum gaan nie, is dit moeilik om 'n juiste totale opgawe van die distrik se opbrengs te gee. Die hele opbrengs van die Koue Bokkeveld kom egter na die Hamlet op Ceres want die paaie na Sitrusdal, wat slegs 15 myl van sommige boere van die Koue Bokkeveld geleë is, is baie sleg. Gydopas is die beste verbinding van hierdie boere met die buitewêreld.

In die afgelope paar jaar word die werk aan die paaie en belangrikste paaie deur natuurlike gedoen. Hulle sterk liggaamsbou is geskik vir hierdie soort swaar werk. Gydopas is ten dele verlê, meer reguit gemaak; die werk is vier jaar gelede voltooi. Michellspas is breër gemaak; die werk is klaar maar die pas kry nou 'n betonblad wat ongeveer £25,000 sal kos. Die pad tussen

Ceres en Hamlet word vandag geteer en die werk word veral deur naturelle gedoen. Vir hierdie groot werk word daar lenings gesluit by die Provinsiale Administrasie : dus genoem leningswerke. Sommige naturelle word onder kontrak in diens geneem en het dus nie families by hulle nie; hulle loon is 3/3 per dag. Die groot aangroei in die aantal naturelle in die dorp vanaf 1936 toe daar maar 11 was, moet in die eerste plek toegeskrywe word aan hierdie werk op die passe en pasie. Die ander werk op die pasie en veral kleiner pasie word deur kleurlingspanne gedoen wat rondtrek onder blanke ploegbase. Die Afdelingsraad betaal maandelike plus minus £1000 uit aan lone aan padwerkers. Ook deur hierdie kanaal het daar in die afgelope paar jaar meer geld in die dorp in omloop gekom.

Michellspas is reeds in 1848 voltooi; een van die groot werke onderneem deur John Montagu. Die pas is genoem na die eerste Land-meter - Generaal Colonel Charles Michell. In 1862 is die spoorweg gebou tot by Wellington. Toe die spoor 'n paar jaar later verleng moes word na die Noorde was die keuse : oor Worcester of oor Ceres. Die onkoste van die bou oor Ceres sou minder wees. Die inwoners van Ceres trek toe egter 'n petisie op teen die bou van die spoorweg. Die spoorweg sou die rustige atmosfeer verstoer en die verdienstes van die transportryers in gevaar stel. Gevolglik is die spoor oor Worcester en Touwarivier gelê. In 1884 bereik die spoor De-Aar. Eers in 1910 kry Ceres 'n spoorverbinding met die hoofspoor. Hierna kry ons die snelle

voortgang in die vrugtebedryf. So belangrik was die vervoer van die Warm Bokkeveld dat ongeveer 12 jaar gelede die spoorweg na Prince Alfreds Hamlet verleng is, teen £60,000.

DIE NYWERHEDE VAN CERES:-

Die dorp het min fabriek in die ware sin van die woord. Die vernaamste nywerheidsonderneming is die droëry; dan is daar 'n groot vrugtepakkery en vrugte koelkamer. Die gewone nywerhede wat elke dorp behoort te hê vir die gemeenskap : die graanmeule, saagmeule, wamakery, pypmakery, bakker en lemonade-makery. Ceres het nie eers al die fabriek wat nodig is om sy distrik se produkte te verwerk nie. So behoort daar nog 'n vrugtepakkery of twee te wees. Daar is genoeg vrugtepakkerye in Wes-Kaapland maar net een op Ceres. Die Pakkery Delport van Wolseley kry baie van sy vrugte van Ceres. Noodsaaklik vir die distrik is 'n vrugte-inmaakfabriek. Die fabriek van Wolseley kry sy meeste vrugte van Ceres; ook fabriek van Paarl, Wellington. Die wolwassery naby Wolseley kry baie wol van Ceres. Hierdie fabriek is egter opgerig voordat die treinspoor na Ceres gelê is in 1910.

Wat is dan die rede dat hier so min fabriek is. Die hoofrede is dat Ceres nie op die hoofspoor na die Noorde lê nie. Worcester het meer fabriek en daardie fabriek kon net sowel op Ceres gewees het as laasgenoemde dorp op die hoofspoorweg geleë was. Waterkrag en arbeid is daar genoeg op Ceres. Daar is dan ook 'n sterk beweging onder die boere om die hoofspoor deur Ceres ver-

leng te kry. Die hoop is gevestig op na-oorlogse ontwikkelings. Sommige meen 'n aansluiting met Touwsrivier is die wanslikste en kortste om die groot binnelandse mark, die Rand, te bereik. Daar word ook gehoop op 'n vliegpark. Ceres het net so 'n goeie landingsterrein as Worcester maar wel 'n vliegpark is. Ceres het nog 'n voordeel bo Worcester in soverre as die wolke nie so laag lê oor die berge nie; vry ook van Suidoostewind.

Vliegtuie sal heelwaarskynlik na die oorlog 'n steeds toenemende rol speel, miskien selfs wat vervoer van produkte in klein pakkies, betref.

Die hoofspoorkwessie is nie die enigste rede vir so min fabriek nie, immers die takspoordiens is baie gereeld: een trein elke dag na Wolseley en een spesiale vrugtetrein elke dag in die vrugteseisoen. Die watervoorraad is enorm en dus is daar 'n groot potensiële bron van krag vir toekomstige fabriek. Goed geleë industriële terreine is reeds vir die doel afgesonder. Die elektriese krag is egter op die oomblik baie duur, veral vir fabriek, en dis een rede waarom Ceres minder aantreklik is vir fabriek. Aan die anderkant is dit juis die verbruik van elektrisiteit gedurende die dag in fabriek, wat die krag betalend maak en dus die moontlikheid vir goedkoper krag skep.

Ceres is baie vooruitstrewend in die opsig dat dit die eerste dorp was na Kaapstad, dus nog voor Paarl en Stellenbosch, om elektriese ligte te kry. Dit gebeur reeds in 1910. Ongeukkig was alleen 'n kleinskaalse proses moontlik: die s.g.

"direct current" of gelykstroom. Gou daarna was hierdie swak stroom ontoereikend en daarna is die toestelle driekeer vergroot en aangebou. Elke keer moes nuwe meters ingestel word. Die stroom is eindelik na „alternating current" of wisselstroom verander. Vandag is die stroom sterk, dog dit moet steeds in die Somer in die droë seisoen deur olie-enjins aangevul word. Dit alles bring teweeg dat die Kragstasiewerke oorgekapitaliseer is en die krag gevolglik duur is.

Die bron van krag is 'n waterstroom uit 'n rivier van die Witzenberge. Die stroom word in die berg afgekeer en loop met 'n sementvoor tot waar dit deur sementpype oor 'n sterk afdraand gevoer word om so die nodige valkrag te gee by die „Turbine" onderaan die rant. Hierdie „val" is nog nie sterk genoeg nie. Die val kan versterk word deur water in die vallei deur 'n dwarsmuur op te dam. Die elektriese krag sal versterk word en die dorpswatertoevoer ook. Daar is selfs opmetings in die berg gedoen, maar kapitaal ontbreek om 'n dergelyke skema aan te pak.

CERES SE ANDER NYWERHEDE:-

Die nuwe droeëry van die Sagtevrugteraad is reeds bespreek; dis geleë langs die pad na Hamlet; net buite Munisipale grens. Binnekort sal daar meer meganisasie ingevoer word soos skilapparate en dan sal daar meer melde vir huiswerk by die blankes beskikbaar wees. In die vrugteseisoen is huurlinge vir huiswerk 'n probleem want melde word beter betaal in die vrugtenywerheid.

Die "Seeded Muscot Raisin Co." is 'n vrugtepakkerij in

Ceres. Vars vrugte word van die boere opgekoop, gedroog en verpak in 25 lb. of 10 lb. of 5 lb. kissies. Die vrugte is in verskillende groottes uitgesoek. Jaarliks word omtrent 800 ton vrugte deur hierdie besigheid verwerk. Die Sagtevrugteraad verpak nie self vrugte nie. Ook in hierdie verpakkery werk meesal kleurlinge. Volgens 'n fabriekswet mag die kleurlinge nie minder as 18/- per week betaal word nie. Die wet het alleen betrekking op die munisipaliteite sodat die nywerhede buite die munisipale gebied minder kan betaal. Die verpakkery is geleë net buite die beboude area, 'n ent weg van die pad na die Hamlet.

Die koelkamer staan op die grond van Mnr. Cillie, net buite die munisipale area. Die koelkamer kan omtrent 40,000 kissies vrugte hou. Die pakwerk word gedoen deur kleurlinge. Nou werk daar ook 'n aantal Italiaanse krygsgevangenes.

Ceres het een elektriese „roller“ meule. Die meule behoort aan Mnr. Bredekamp en is reeds in 1917 opgerig. Dit is geleë in die besigheidsdeel. Voorheen was daar nog twee ander meule : 'n ou watermeule by die voetbruggie oor Dwarsrivier en 'n stoommeule. Die meule van Mnr. Bredekamp maal koring, rog, gars en breek ertjies. Omtrent 700 sakke koring word per maand gemaal. Die boere van die distrik en ook van Wolseley laat hier maal. Die afset is egter nie alleen plaaslik nie; inteedel die grootste afset is in Worcester, De doorns, Rawsonville en ander plekke. Die inwoners van Ceres verkies dikwels meel van ander distrikte.

Mnr. Bredekamp het ook 'n soort van saagmeule. Die boere

bring hulle houtstompe en die word dan in planke gesaag vir kassies. Belangrik dus vir die vrugtebedryf. Die plan is om 'n groot saagmeule op te rig.

Die enigste wamakery behoort aan Mnr. du Plessis en is reeds 25 jaar oud. Voorheen was daar nog twee ander. Hier word die groot bakke op die vragmotors opgebou, geskik vir die vervoer van vrugtekassies.

Langsaan die begrafplaas is daar 'n pypmakery. Veral sementpype word hier gemaak; ook sementblokke vir boudoeleindes. Omdat teer moeilik verkrygbaar is vandag, speel sement 'n belangrike rol. Die plan is om die sypaadjies 'n betonblad te gee; asook Michellispas.

Iets besonder is die lemonade-fabriek van Mnr. Ruskin. Allerlei koeldranke word hier vervaardig: pynappel, „raspberry“ hob- en gemmerbier en sodawater. Die verspreiding van die drank is oor hele Wes-Kaapland. Mnr. Ruskin saag ook brandhout en verkoop dit aan die inwoners teen £2. per stapel.

Die bakkery behoort aan Mnr. Jonker en kan beswaarlik 'n fabriek genoem word.

DIENSTE AAN DIE GEMEENSAP :

Reg teenoor die primêre skool is die verplegingsinrigting. Dis omtrent vyf jaar gelede ingerig deur Dr. Badenhorst. Die inrigting bestaan uit omtrent 7 kamers vir 10/2 ^{of} pasiënte en 'n goed ingerigte operasiekamer. Hier word operasies soos mangel-

en blindedermoperasies gedoen. Daar is 'n paar kamers vir aansteeklike siektes teenoor die stasie. Hier is ook die skut.

Die kragstasie is geleë in die rigting van die swendam. Teenoor die kragstasie is die gebou van die vrymesselaars wat as klubgebou aangedui word. Daar is vier kerke : die N.G. Kerk en saal, die Joodse Kerk en saal, St. Andrew's vir Engels-sprekendes en gekleurdes, die N.G. Sendingkerk vir gekleurdes.

Die polisiekantoor is goed geleë, tussen die kleurling- en blankewyk langs Voortrekkerstraat, die hoofstraat. In dieselfde wyk is die Afdelingsraadskantoor en stoorgebou vir werktuie en olie.

In 1937 is voltooi die nuwe poskantoor, magistratskantoor, munisipale kantoor. Hierdie nuwe administratiewe kantore, die groot winkels, teerstrate, elektriese ligte, en goeie omspannings-fasiliteite gee die indruk dat Ceres 'n welvarende dorp is. Die dorp het baie van die geriewe van 'n groot stad. Ceres het ook sy arm mense, maar daar is geeneen wat broodsgebrek ly soos ons vind op sommige Karoedorpe nie. In 1939 is daar die Sub-Ekonomiese Behuisingskema voltooi vir blankes en nie-blankes. Hierdie skemas is in die wyk naby die stasie.

Koste vir elektriese ligte : minimum 6/- vir 6 eenhede, daarna 10d. Vir huisgebruik (Domestic) : 3/6 per kamer, daarna 3d. tot 1d. Kommersieël : min 10/-, daarna 2d. tot 1d. Koste vir straatligte per jaar is £412. Daaglikse word 400,000 gelling water gebruik. Die koste vir leiwatervirnatleidoeleindes is 10/- per jaar; tweekeer per week te gebruik vir halfuur. Kapitaal op

waterwerke spandeer : £29,093. Profyt vir een jaar £136.
Ceres het belasbare eiendom ter waarde van £350,000. In 1938
was die jaarlikse inkomste £9,269 ; uitgawe £10,229. Bruto
skuld : £37,823.

Ceres het 'n goed ingerigde dorpsbiblioteek. Die biblioteek
is in die gebou van die munisipale kantore, dit is in 1883 reeds in
die lewe geroep en het 5837 boeke. Alhoewel die aantal blanke
inwoners in 1941 maar 1603 was, is in 1940 8,523 boeke uitgeken.
Hierdie syfer oortref die van Riversdal, Robertson, Swellendam
en Worcester.

Daar kan nog verbeterings in die dorp aangebring word. Die
systrate kan verbeter word en slootjies daarnaas aangelê word.
Die plan is om alle systrate in betonblad te gee en 'n lening van
£500 is reeds gesluit en publieke goedkeuring reeds verkry. Met
die oorlog is die werk egter vertraag. Die elektriese stroom
kan ook nog versterk word. Die watertoevoer, wat van dieselfde
bron kom, is ook nie sterk genoeg nie. In die Somer, die droë
Seisoen, is daar 'n merkbare verswakking van die stroom en in-
woners word selfs verbied om dan hulle tuine of grasperke nat
te spuit. Daar is 9 erwe wat te hoog geleë is vir die leiwater.
Die water word met sementype oor dwarsrivier gelei. Met die
uitbreiding van die dorp het die stroom swakker geword. 'n
Opgaardam in die vallei in die berg sal ook die watertoevoer ver-
sterk.

Die sanitêre geriewe vandie dorp kan nog verbeter word.
Daar is nog nie 'n uni-forme spoelwaterstelsel nie en 200-300

emmers is nog in gebruik. Dertien jaar gelede is reeds die eerste septiese tenk ingestel en vandag is daar reeds plus minus 185 van hierdie tenks. Hierdie tenks werk ook met spoelwater en hulle fungeer so goed dat die eienaars die sal laat verander met 'n groot spoelstelsel nie. Die lê van pype oor Dwarsrivier is 'n probleem by so 'n stelsel. Die sanitêre geriewe van die kleurlinge is uiters swak; daar is maar ongeveer 50 emmers in gebruik.

'n Ekonomiese bate vir die dorp is die groot aantal vakansiegangers wat Ceres jaarliks besoek. Die vakansieseisoen is van Augustus tot April. Meesal is dit stadsbewoners uit Kaapstad; ook inwoners van die naburige dorpe Sutherland, Calvinia, en andere. Ceres se aangename klimaat is een van sy aanloklikhede. In die somer is die lug helder en versterkend vir persone wat langs die see woon. Wat seker ook vakansiegangers trek, is Ceres se pragtige natuuromgewing: die hoë berge, die twee mooi bergpasse met hulle ruwe bergskoonheid. In Oktobermaand pryk die bergrose en is 'n aantrekkingskrag vir alle bergklimmers. Ceres is ook die hoofkwartier van die Ski-klub wat in die Winter op Matroosberg in Ceres-distrik Ski. Die Stellenbosse Berg- en Toer- Klub stap gereeld deur Ceres na Tulbagh of Sitrusdal.

Behalwe hierdie aanloklike natuurskoonheid het die Stadsraad gesorg vir voldoende ontspanningsfasiliteite vir vakansiegangers en inwoners van die dorp. Vir forrelvisserij en skiet is goed voorsiening gemaak. Die forrelvisserij het nie meer die omvang van jare gelede nie, maar geniet nog baie aandag. Die rivier dier

Michellspas het die meeste forëlle.

In 1941 is 'n groot moderne swembad voltooi, met water wat voortdurend deurloop. Vir Gholf is ruim voorsiening gemaak, daar is 'n groot gholfbaan aan die voet van die berg. Die dorp se tennisbane is geleë langs die voetbalveld. Jukskei word gespeel op die witsand in die Victoria-Park. Binnekort sal ook 'n boulperk aangelê word, net langs die voetbalveld.

Die plaaslike bioskoop het elke aand 'n vertoning. Dan besoek rondreisende rolprentgeselskappe en toneelgeselskappe gereeld die dorp en hulle vertonings word gehou in die nuwe stadsaal, wat sitplek het vir 860 mense.

So groot is die toeloop van die vakansiegangers in die vakansieseisoen dat die uitgebreide losiesgeriewe van Ceres gedurende hierdie tyd volbespreek is. Eerstens is daar die s.g. „Guestfarms“ nl. „Farmhouse“ en „Prospect“ wat grens aan die dorp en „Cascade“ omtrent 5 myl buite die dorp. Hierdie „Guestfarms“ is tot 1944 volbespreek. In die dorp is daar nog 5 losieshuise en privaathotels. Dan die twee groot Hotels die Grand en Majestic. Die losiesgeriewe is dus besonder groot vir 'n plek van Ceres se grootte; wat die belangrikheid van vakansiegangers aandui.

Verder is daar nog die ruime kampergeriewe waarvoor die stadsraad voorsiening maak. In die denne-plantasie in wyk No. 4 is daar plek vir 'n groot aantal kempers. Die ses houthuisies is reeds tot 1944 volbespreek. Die fooi vir 'n huisie is 5/- per

naweek, 10/- per week, £1. 10/- per maand. Gewone kamplek is 5/- per week en £1. per maand. Deur die plantasie vloei die helder stroom van die dorp se leiwater. Alle nodige fasiliteite is vir die kampeers aangeskaf. Die nuwe swembad met sy grasperke en rusbanke is in die plantasie gelee. Na hierdie plantasie doen die inwoners van Ceres in die middag en op Sondag wandeling. Meteens word 'n mens verplaas in die mooi natuur.

Die vier Sensuswyke : Bebouing; Segregasie; Uitbreiding van die dorp en Beheer oor dorpsaanleg :

Ceres is verdeel in vier Sensuswyke. Hulle word gevorm deur die kruising van Dwarsrivier met Voortrekkerstraat, die hoofstraat wat oor die markplein gaan. Wyk No. 4 is Noord van Voortrekkerstraat en aan die bergkant van Dwarsrivier; dus naaste aan die swembad. Dis die wyk waar die minste kleurlinge woon. Waar daar in 1936 met sensusopname 106 kleurlinge in hierdie wyk woonagtig was, woon daar nou uiters 20. Die res is stelselmatig uitgekoop deur die Stadsraad en veral deur Mnr. Krige. Laasgenoemde was sedert 1913 25 jaar lank burgermeester. Dis 'n definitiewe beleid van die stadsraad om segregasie toe te pas en hierdie wyk toon hoe suksesvol die beleid deur gevoer is. Die kleurlinge voorheen baie dig gewoon in hierdie wyk langs Dwarsrivier. Hierdie kleurlingebied het 'n ernstige bedreiging vir die blankes geword en die stadsraad het net betyds ingegryp om hierdie beste woonbuurt vir die blankes te red.

Hierdie woonbuurt, veral die deel naderaan die swembad, is

die beste woonbuurt. Die gebied lê hoog, aan die sonkant en is dus droër as die ander dele van die dorp. Nattigheid gedurende die Winter is een van die grootste klagtes teen sommige dele van die dorp. Dreinerings is hier goed omdat ons 'n sterk daling na die rivier kry. Hierdie woonbuurt is die verste verwyder van die kleurlinge en het ook minder gewoel van besighede as die wyke oorkant Dwarsrivier. In hierdie wyk kry ons ook die ontspanningsgronde vir blankes : tennis, voetbal, jûkskei. Die watertoevoer is in hierdie wyk die sterkste.

Hierdie wyk is die jongste wat bewoning betref en die blanke bebouing brei veral in hierdie wyk uit, in die rigting van die swemdam. Die eerste ry huise langs die rivier is kleiner en ouer maar verder het hierdie wyk die beste en grootste huise in die dorp. Die laaste twee beboude erwe is in 1938 verkoop. Die gebied Noord van Parkstraat is dan ook die enigste waar geen besighedsplek of hotel opgerig mag word nie. In hierdie deel mag geen kleurling woon nie. Geen huis ter waarde van minder as £500 mag hier gebou word nie. Alle planne van die bou van huise of selfs van veranderings moet in elk geval eers goedgekeur word deur 'n komitee van die stadsraad. Die stadsraad het dus volle beheer oor die bou van huise en ander geboue. Daar is nog ruim plek vir blanke uitbreiding in hierdie wyk.

Die twee wyke aan die anderkant of oorkant van Dwarsrivier is die oudste. In die gebied om Voortrekkerstraat het die dorp

ontstaan. In die gebied is dan ook die grootste besigheids-blok en oudste huise. Die ou huise is gewoonlik gekenmerk deur riedakke en dik mure.

Die wyk noord van Voortrekkerstraat No. 2 : Die eerste twee rye blokke van die rivier het groot huise en is 'n goeie blanke woonbuurt. Verder van die rivier word die huise kleiner en slegter. Hierdie wyk het minder tuingrond want die blokke is kleiner. Vanaf die straat waar bebouing opbou tot by die munisipale grens word die gebied genoem Schoongesicht. Op die stuk grond is geen bebouing nie behalwe "Farmhouse". Die grond is reeds in erwe en strate opgedeel. Dit sou in 1912 reeds verkoop gewees het in erwe, maar weens harde reën kon die vendusie die dag nie plaasgevind het nie. Daarna was dit tuingrond tot dit 'n jaar gelede in die hande kom van Mnr. Krige en Mnr. de Wet. Daar kan 100 erwe uitgesny word. Die plan is om die erwe te verkoop maar vandag moet volgens wet No. 40 van 1942 13/- 4d. uit elke A^2 afgestaan op die verkoop van vaste eiendom. Die eienaars is dus huiwerig. Dit is egter onwaarskynlik dat blanke uitbreiding in hierdie rigting op grootskaal sal plaasvind; eerstens is hierdie grond na-aan die kleurlinge en tweedens is dit laer geleë en natter as wyk No. 4. Blank-bebouing toon 'n neiging om uit te brei tussen Dwarsrivier en die pad na Hamlet. Dit is weg van die besigheidsdeel en kleurlinge en dis 'n droë bult. Die grootste deel van hierdie grond behoort aan Mnr. Buyskes. Hierdie grond kon 30 jaar gelede vir £600 gekoop geword het.

Tien jaar gelede het Mnr. Buyskes £600 daarvoor betaal. Die waarde van grond styg dus hier. In die beboude deel van die dorp is daar min kaal erwe wat onder £200 verkoop word. Die grootte van so'n erf is gewoonlik 120 ' X 100 '. Een groot blok bestaan uit 10 sulke erwe.

Segregrasie is ook in hierdie wyk suksesvol deurgevoer in die afgelope paar jaar. Van die 160 kleurlinge in 1936 is slegs nog omtrent 80 in die wyk woonagtig en slegs 20 woon tussen die blankes.

Die sensuswyk No. 1 aan die anderkant van Voortrekkerstraat bevat die meeste kleurlinge: in 1936 : 1012. In 1936 was 160 blankes hier woonagtig. Die blankes woon egter nie tussen die kleurlinge nie, maar meer langs die hoofstraat. In 1941 was hier slegs nog 138 blankes. Die blanke huisies is oud en klein.

Die hele kleurlingbebouing is dig. Hierdie hele kleurlinggebied behoort aan die St. Andrew's Kerk. Die Kerk het dit in vroeër jare toe grond nog goedkoop was, vir 'n appel en 'n uit gekoop. Hierdie hele kleurlingbuurt is laagliggend en in die Winter baie nat. Daar is feitlik nie strate nie en waterpoele staan lank nadat die reën opgehou het. Sanitêre toestande is swak en die meeste huisies is uiters bouvallig. Die gesondheidstoestand onder die kleurlinge is baie swak. Tering kom op grootskaal voor. Die Stadsraad het alle reg om hierdie ongesonde toestande te verbeter, hulle kan byvoorbeeld beter strate maak, sanitêre toestande verbeter en bouvallige huisies platslaan of

inwoners dwing om hulle te verlaat. Dan moet die stadsraad egter beter behuising verskaf. 'n Lening van £20,000 is reeds gesluit maar weens oorlogstoestande kan die sentrale Behuisingsraad nie die geld bekikbaar stel nie. Boumateriaal is vandag skaars en word meesal vir oorlogsdoeleindes gebruik. Ook hierdie ongesonde toestand wag dus op die vrede na die oorlog vir heropbou.

Die kleurlinge het hier 'n tennisbaan. Agter die Kerk is die kleurlingskool van St. Andrews. Dieskool is goed ingerig en moet vergroot word.

Die oop stuk grond behoort aan Mev. Ben Hough. Dis meer as 3 morge groot en word binnekort verkoop om in erwe opgesny te word. Die donker turfgrond langs die rivier is baie vrugbaar. Ongeveer 34 erwe sal hier uitgesny kan word. Dis onwaarskynlik dat blankes hier grond sal koop so na-aan die kleurlinge.

Sensuswyke No. 3 aan die anderkant van Dwarsrivier. Dis 'n belangrike wyk : daarin is die administratiewe kantore: munisipale kantore, poskantoor en andere, die hoërskool en hostels, stasie, tronk, begrafplaas, gholfbaan asook die terrein vir moontlike toekomstige industriële uitbreiding en die twee sub-ekonomiese behuisingskemas.

Die 1936 Sensusverslae toon 379 blankes en 885 nie-blankes in hierdie wyk woonagtig. In 1941 het die blankes tot 420 aangegroei. Die nie-blankes het ook in getalle vermeerder. Die twee behuisingskemas wat in 1939 voltooi is, is grotendeels vir

hierdie aangroei verantwoordelik. Segregasie is in hierdie wyk ook gehandhaaf; daar is slegs 1 nie-blanke huis tussen die blankes in. Die blanke huise aan die rivier en grensend aan die nie-blankes is swakker. Verder na die hoërskool en na die hoofstraat is die huise van die beste. Dis die eerste deel van die beste blanke woonbuurt wat voortgesit word in die rigting van die swendam.

Die blanke-behuisingskema grens aan die begrafplaas. Die res van die kleurlingbuurt in hierdie wyk word genoem Rooikamp. Die deel wat grens aan die blanke-woonbuurt is hoër geleë, droeër in die Winter en dus gesonder. Hoe verder weg van die blankes, hoe laer, natter en ongesonder is dit. Tering kom hier ook voor. Die plan van die stadsraad is om die bouvallige huisies in Rooikamp plat te slaan en daar betef huise op te rig en strate aan te lê.

Die Stadsraad het aan die kleurlinge hier grond gegee vir 'n voetbalveld en tennisbaan.

Tussen die nie-blanke behuisingskema en die rivier is die terrein vir toekomstige industrieë. Die grond is goed geleë naby die spoorwegstasie, kleurling- en naturelle-arbeid en naby die rivier. Dit is 'n vasgestelde beleid van die stadsraad om industrie aan te moedig en grond kan hier gekoop word vir hierdie doel teen baie billike pryse.

Die meeste naturelle woon in 'n lokasie wat grens aan die rivier. Die huisies is van 'n swak gehalte; sommige slegs van

latte en sakke. Die lewenstoestande hier is maar uiters swak. Die naturelle en kleurlinge woon nie deurmekaar nie. Die kleurlinge kan beter huise bekostig want die kleurlingmeide verdien baie meer in die vrugte-bedryf as die naturellemeide.

Die sanitêre kamp is in hierdie wyk naby die rivier. Hier sal in die toekoms die uitlaatpype van die sanitêre stelsel van die dorp wees.